

Tuis met 'n taak in God se wêreld

# WOORD & DAAD



WORD & ACTION

Herfs/Autumn 2009

No. 407

**Wêreldwye reformatoriese betrokkenheid**

## WOORD & DAAD

Uitgegee deur / Published by:  
Die Reformatoriese Beweging van  
Suider-Afrika in samewerking met die  
Buro vir Wetenskaplike Tydskrifte /  
The Reformational Movement of  
Southern Africa in coordination with the  
Bureau for Scholarly Journals

●  
**HERFS-UITGAWE – 2009**  
**AUTUMN EDITION – 2009**  
**Vol. 49 no. 407**

●  
REDAKTEUR /  
EDITOR

Bennie van der Walt

●  
ARTIKELREDAKTEURS /  
FEATURE EDITORS

Bennie van der Walt, Michael Heyns,  
Willemien du Plessis, Nico Vorster,  
Leentje de Lange, Esmé van Rensburg,  
Marlies Taljard

●  
MEDEWERKENDE REDAKTEURS /  
CONTRIBUTING EDITORS

Lourens du Plessis, Nic Olivier,  
Attie van Niekerk, Johan Snyman,  
Allan Munro, Amie van Wyk

●  
BUROBESTUURDER &  
TEKSVERSORGING /  
BUREAU MANAGER & TEXT EDITING:

Susan Lourens

FORMATERING / FORMATTING:

Santie Lourens  
Bertha Oberholzer

FINANSIES & ADMINISTRASIE /  
FINANCE & ADMINISTRATION:

Erika Otto

●  
Redaksionele stukke en  
korrespondensie /  
Editorial articles and correspondence:  
**Woord en Daad / Word and Action**

Privaatsak / Private Bag X6001  
POTCHEFSTROOM 2520  
RSA

●  
Tel. (018) 299-4081  
Faks/Fax 086 564 7983  
E-pos / e-mail:  
Susan.Lourens@nwu.ac.za

●  
FUNKSIONARISSE / OFFICIALS  
Jan Swanepoel  
(Voorsitter/Chairman REBSA / REMSA)  
Amie van Wyk  
(Visevoorsitter / Vice chairman  
REBSA / REMSA)

●  
INTEKENGELD / SUBSCRIPTION:  
RSA R70 Ander / Other \$35

●  
*Gedruk deur / Printed by*  
**IVYLINE Technologies,**  
*Potchefstroom*  
**VOORBLAD – Erika Otto**  
*BWT*



## INHOUD

### HOOFARTIKEL

- 1 Dié soort Christendom maak 'n verskil  
**Bennie van der Walt**

### PRINSIPIËLE BESINNING / REFLECTION

- 3 Calvyn – 500 jaar later: wêreldwye 500-jarige herdenking  
van die geboorte van Johannes Calvyn  
**V. d'Assonville**
- 8 Tuis in God se wêreld: die essensie van 'n reformatoriese  
lewensvisie  
**B. van der Walt**

### MENINGS EN INLIGTING / OPINIONS AND INFORMATION

- 14 Die post-2009-verkiesingsomgewing in Suid-Afrika: enkele  
strategiese perspektiewe  
**A. Duvenhage**
- 21 Is die nuwe Suid-Afrika 'n meer morele plek as die ou  
Suid-Afrika?  
**A. van Niekerk**
- 24 Arso-skole: met die Woord en in die daad Christelike  
onderwys  
**R. van der Kooy**
- 28 Christian educators: seven years in Africa  
**A. Helleman & W. Helleman**
- 31 South Africa, IAPCHE, and academic evangelism: the  
limits of secularism  
**N. Latinga**
- 35 Reformatoriese filosofie in Nederland: openinge en  
moeite  
**S. Griffioen**
- 39 What has Belo Horizonte to do with Amsterdam? A report  
from the Brazilian Kuyper Association  
**G. de Carvalho**

### RESENSIES

Resensies verskyn op p. 27, 34, 42-44

Die menings in WOORD EN DAAD uitgespreek, weerspieël nie  
noodwendig dié van die Redaksie nie. Opinions, views and  
conclusions published in WORD AND ACTION are those of the  
authors and not necessarily those of the Editorial Board.

## Dié soort Christendom maak 'n verskil

**D**ie voorblad van hierdie uitgawe van *Woord en Daad* dra die opskrif: “Tuis met 'n taak in God se wêreld” sowel as 'n subopskrif onderaan: “Wêreldwye reformatoriese betrokkenheid”.

### Die simboliek

Die boom op die omslag simboliseer dat die Christelike geloof reeds wêreldwyd wortel geskiet en gegroei het. Verder dui die herfskleure van die blare natuurlik daarop dat u die herfsuitgawe van 2009 in u hand kan hou. Maar die herfsblare wil veral tot uitdrukking bring dat die Christendom nie net in takke en blare gegroei het nie (vgl. die bekende gelykenis van die onvrugbare vyeboom in Luk. 13:6-9 asook Christus se straf op so 'n boom in Matt. 21:19-21). Daar is reeds vrugte gedra, 'n oes is ingesamel.

Hierdie uitgawe wil – al is dit hoe beperk – iets van die vrugte van 'n Christelike lewensvisie op die terrein van Christelike onderwys in verskillende wêrelddele laat sien. Behalwe dat dit interessante stof bevat, kan die leser ook uit andere se ervarings in dié verband heelwat leer. Daarom word hulle kontakbesonderhede ook verskaf. Dit wil ons aanmoedig om onself nie in ons eie, persoonlike, dikwels donker en bedompige klein kamertjie of kerkie toe te sluit en boonop nog daaroor te kla dat dit nie lekker is nie.

### Die opset

Die prinsipiële afdeling skop af met 'n artikel oor die 500-jarige herdenking van die geboorte van Johannes Calvyn vanjaar (1509-1564). Hierdie vader van 'n reformatoriese lewensvisie het seker nie verdere bekendstelling by die meeste van ons lesers nodig nie. Behalwe flitse uit Calvyn se denke, bevat dr. D'Assonville se bydrae waardevolle inligting oor hoe Calvyn internasionaal asook in Suid-Afrika herdenk sal word.

Die tweede artikel wil die leser verder laat besin. Daarin word die stelling gemaak dat om in hierdie wêreld – Gód se skepping – tuis te wees die essensie van 'n reformatoriese lewensvisie en -wandel behels. Christene mag nie wêreldveragters of nomades wees, met alle aandag net op die hiernamaals gevestig nie. Nee, hulle het 'n roeping en taak in die hiernoumaals.

### Menings en inligting

Voordat ons na Christelike onderwys kyk, egter eers twee bydraes oor die huidige Suid-Afrikaanse konteks. Prof. Duvenhage neem die afgelope verkiesing van April in oënskou sowel as die moontlike implikasies van die uitslag daarvan.

Die artikel uit die pen van prof. Van Niekerk skets iets van die huidige konteks waarin Suid-Afrikaners lewe en stel die belangrike vraag wat ook deur vele gestel word: Is die nuwe Suid-Afrika (die een ná 1994) 'n meer morele plek as die ou Suid-Afrika?

### Christelike onderwys in Suid-Afrika, die VSA, Nederland

Eerstens vertel Rob van der Kooy van 'n plaaslike aksie vir Christelike skole asook die opleiding van Christelike onderwysers. Nog steeds 'n klein begin teenoor 'n oorspronklike taak, maar selfs 'n mosterdseedjiegeloof (vgl. Matt. 13:31, 32) beskaam nie!

Daarna deel die leser in die wedervarings van dr. Adrian Helleman en sy vrou, dr. Wendy Helleman, in verband met Christelike hoëronderwys in verskillende lande, maar veral op ons eie kontinent. (Hulle was tot onlangs werksaam in Nigerië en is tans aan 'n universiteit in Tanzanië verbonde.)

Dr. Nick Latinga, uitvoerende bestuurder van die International Association for the Promotion of Christian Higher Education

(IAPCHE), lig ons vanuit sy hoofkantoor in die VSA (te Dordt College) in oor die werksaamhede van hierdie organisasie wat in September 1975 op Potchefstroom (die destydse PU vir CHO) tydens 'n konferensie gebore is.

Vervolgens kom (emeritus) prof. Sander Griffioen uit Nederland aan die woord oor die huidige stand van 'n reformatoriese filosofie aldaar. (Om die rykheid van die Nederlands te behou, is hierdie artikel nie vertaal nie.) Reeds aan die begin van sy artikel blyk die wonderlike dividende wat hierdie filosofie tans nog steeds, en selfs op politieke gebied lewer. Soos sommige van die lesers bewus is, het hierdie Christelike denkskool in die dertigerjare van die vorige eeu in Nederland ontstaan. Die “vaders” daarvan was proff. D.H.Th. Vollenhoven (1892-1978) en H. Dooyeweerd (1894-1977), terwyl prof. H.G. Stoker (1899-1993) as derde “vader” 'n belangrike bydrae vanuit Potchefstroom gelewer het.

Hoewel prof. Griffioen versoek is om op ontwikkeling binne die beweging in Nederland toe te spits, moet vermeld word dat die reformatoriese filosofie (en voorstanders daarvan op verskillende ander vakgebiede) reeds wêreldwyd (byvoorbeeld in die VSA, Kanada, Australië, Korea, Hongarye en Suid-Afrika) 'n impak het.

### Selfs op onverwagte plekke

Hierdie uitgawe word afgesluit met die bydrae van dr. Guilherme de Carvalho uit Brasilië (sover moontlik is ook die Brasiliaanse Engels behou). Tereg merk hy op dat niemand sou kon droom dat Abraham Kuyper (1837-1920), 'n voorloper van die latere reformatoriese filosofie, en Herman Dooyeweerd uit Amsterdam eendag, 100 jaar later, in Bello Horizonte entoesiastiese

aanhangers sou vind nie. Dit hét egter gebeur. Die reformatoriese lewensvisie en filosofie, in baie opsigte tans in die noordelike diepvries van Nederland, het duisende kilometer suid in die sonskyn van Brasilië ontdooi! Ook al is dit soms 'n moeilike pad, het die saadjie wat – wie weet? – eendag 'n groot boom sal word, hier ontkiem.

### Wat daaruit geleer kan word

Eerstens word 'n mens deur die verskillende bydraes geïnspireer. Tweedens toon hulle aan dat daar vir Christene nog talle moontlikhede (“openinge”, in die taal van prof. Griffioen) bestaan wat benut kan word. Derdens blyk dat selfs die moeites op die pad nie onoorbrugbaar is nie. Vierdens blyk hoe 'n groot bedreiging die verwêreldliking (sekularisme) inhou – veral onder Christene wat nie 'n integrale lewensvisie ken en uitleef nie. Christelike organisasies en instellings word by die dag ook in Suid-Afrika belangriker om Christene teen die vloedgolf van 'n tegnisiesties-pragmatisties-materialistiese lewensvisie weerbaar te maak.

### Ten slotte

As Christelike denkers en daders mag – nee, móét – ons nie net in ons wêreld tuis wees nie, maar ook aktief betrokke wees. Dit is Gód se wêreld waarvoor sý Seun die hoogste prys betaal het. Op so 'n wyse kan ons ook goeie navolgers van Calvyn wees wie se lewensleuse (in Afrikaans weergegee) was: “Here, aan U offer ek my hart – bereidwillig en opreg”.

### Bennie van der Walt

#### (Uitgaweredakteur)

# Calvyn – 500 jaar later

## Wêreldwye 500-jarige herdenking van die geboorte van Johannes Calvyn (1509-1564)

Victor d'Assonville  
Akademie für Reformatorische Theologie,  
Hannover

### Calvyntoerisme

**D**ie aanbod is groot, oorweldigend groot – allerhande aandenkings, van Calvyn-DVD's tot Calvynbordspelletjies, van Calvynplakkate tot -films, -gedenkmunte, -wimpels, -bekers, -koppies, -sakke, -penne, -kalenders ... – alles is daar waarmee soewenierstalletjies gewoonlik toeriste in plekke soos Parys, Amsterdam, Londen of Berlyn verlok. Selfs “goeie Calvynwyn” (“Cinsaut Pinotage from South Africa”, *nota bene!*) durf nie ontbreek nie. Om van die ontploffing in publikasies nie te praat nie. Dit is immers Calvynjaar. In 'n tyd van 'n internasionale ekonomiese krisis moet elke geleentheid benut word – ook die herdenking van Johannes Calvyn se 500e geboortedag op 10 Julie 1509. Die sowat 100 miljoen gereformeerde lidmate wêreldwyd wat hulleself in die teologies-kerklike lyn van Calvyn en die gereformeerde erfenis van die ses-tiende-eeuse Reformasie beskou, verteenwoordig immers 'n sterk koopkrag.

### Pelgrimstogte na Genève?

Talle toere staan ook op die spyskaart. Daar kan gekies word tussen verskillende uitstappies:

- na Noyon in Frankryk, waar die babatjie Jean Cauvin op 10 Julie 1509 gebore is;
- of na Parys, waar die jeugdige seun Jean Calvin (soos hy homself later genoem het) nie net aan party van die beroemdste akademici van sy tyd nie, maar ook aan spitsvondige wysshede van sommiges se sogenaamde ge-

leerdheid – weg van die Skrif – blootgestel was, waar kennis ter wille van kennis nagestreef is, in teenstelling met roepingsvervulling in gehoorzaamheid aan die God wat Homself in sy Seun geopenbaar het;

- of na Straatsburg, waar 'n jong *pasteur* Calvin, as banneling uit Genève, die klein Franse vlugtelinggemeentetjie met sy gereelde Skrifprediking opgebou het ... en waar die eerste gereformeerde Psalmboek 470 jaar gelede ingevoer is;
- of na Genève, waar die volwasse Ioannis Calvinus (Latyn vir Jean Calvin) vir die grootste gedeelte van sy lewe nie eers burgerskap gehad het nie en waar hy meestal met groot teenstand te kampe gehad het ... maar waar daar ook wonderlike dinge gebeur het. 'n Mens dink maar aan die stigting van die Geneefse Akademie in 1559, 450 jaar gelede – 'n inrigting vir Christelike onderwys wat buig onder die koningskap van Jesus Christus, wat nie net later sou groei tot die Universiteit van Genève nie, maar wat ook die toon vir die totstandkoming van soortgelyke instellings wêreldwyd sou aangee; of 'n mens dink aan die beroemde Geneefse Psalmboek wat eeue lank die kerklike musiektoneel sou beïnvloed en waarvan die vrug tot vandag toe wêreldwyd sigbaar is, in Australasië, Noord-Amerika, Europa of Afrika – dat die gemeente van God in die huis van God die Woord van God sing; of 'n mens dink aan die diakonale maatreëls wat op sosiaal-maatskaplike terrein in Genève getref is om vlugteling (waaronder die

moderne idee van asielaanzoekers ook val), armes en ander mense in nood te help, by te staan en op te hef.

**In 2009 geniet verskeie jubileumsfigure en -geleenthede populêre mediadekking, byvoorbeeld Johannes Calvin, Charles Darwin, Joseph Haydn, die *Slag van Varus* en die val van die Berlynse Muur.**

### Calvynjubileum – een van vele herdenkings

Ons moet ons egter nie laat flous nie – van almal en alles wat in 2009 wêreldwyd gedenk word, almal vir wie en alles waarvoor 2009 as jubileumsjaar aangekondig is, staan Calvyn definitief nie voor in die ry nie en geniet hy sekerlik nie die meeste populariteit nie. In elk geval nie in die algemene media nie. Sy beeld is immers, meer as in die geval van ander mede-Reformatore van die sestiende eeu, baie deur teenstanders en selfs deur hulle wat medestanders sou moes wees, afgetakel. Historiese negatiewe oordele (wat feitlik deur die bank op een verdagmakende biografie in die sestiende eeu terugval, dié van Jérôme Bolsec) is deur die loop van eeue by herhaling as mites aangetoon. In die meer onlangse verlede kan maar net na die publikasies van erkende navorsers soos T.H.L. Parker, B. Cottret, W.H. Neuser, W. van't Spijker of O. Millet verwys word. Nogtans is dit verrassend hoe hardnekkig die aantygings teen Calvyn en die Calvinisme ('n term wat hyself van die hand gewys het) hulleself handhaaf, of dit is op populêre webwerwe of in die briewekolomme van Afrikaanse koerante. En dit alles dra nie by tot sy algemene gewildheid nie. Daarenteen geniet ander jubileumsfigure en -geleenthede in 2009 heelwat meer populêre mediadekking:

- Charles Darwin, 200 jaar gelede gebore, wie se invloedryke boek, *On the*

*origin of species* ..., 150 jaar gelede verskyn het, kry by verre die meeste aandag. Sy foto en allerhande lofprysings oor sy nalatenskap beslaan, by 'n eerste oogopslag in elk geval, baie meer titelvoorblaaie van belangrike internasionale koerante en tydskrifte as enigiemand anders in die Westerse wêreld.

- In kultuurkringe word weer heelwat van iemand soos die komponis Joseph Haydn (200 jaar gelede oorlede) gemaak. As "vader van die klassieke simfonie en van die strykkwartet" is hy miskien nie so bekend soos Calvyn nie, maar word hy ook nie so verbete beveg nie.
- Vir die Westerse wêreld is daar ook nog gebeure soos die *Slag van Varus* 2000 jaar gelede, toe Hermann (Arminius) met sy Germaanse burgerlike mag in die jaar 9 n.C. een van die opspraakwekkendste oorwinnings van die militêre geskiedenis oor drie Romeinse divisies (sowat 20 000 beroepsoldate) onder aanvoering van Varus in die Teotoburgiese woud behaal het. Daarmee het die Germane 'n verdere uitbreiding van die Romeinse Ryk oos van die Ryn verhinder en die volgende eeuse Europese geskiedenis bepaal.
- In 2009 word natuurlik ook die val van die Berlynse Muur twintig jaar gelede in November 1989 herdenk, waarmee die einde van die Koue Oorlog en die verlies van mag van die USSR ingelui is.

### Is dit reformatories om Calvyn te gedenk?

Tog kan die protestantse wêreld, en die Weste as sodanig, nie by Calvyn verbykom nie. Waarom hierdie aandag aan iemand wat 500 jaar gelede geleef het? Gaan dit net daaroor dat

- Calvyn reeds op 26-jarige leeftyd die eerste uitgawe van sy *Institusie* in Latyn (ook vir hom 'n tweede taal) geskryf het – 'n topverkoper in 1536 by die groot boekeskou in Frankfurt am Main; of dat

- sy gepubliseerde werke só belangrik is (in die *Opera Omnia* van die negentiende eeu beslaan dit 59 dik bande met sowat 22 000 bladsye/kolomme, kleingedruk), dat alles nou weer opnuut in die oorspronklike Latyn en Frans gepubliseer word; of dat
- hy vir die ontwikkeling en erkenning van Frans as selfstandige (ook akademiese) taal van soortgelyke betekenis was as Luther vir Duits; of dat
- sy boeke sedert sy leeftyd nog in tientalle tale vertaal is ... en dat dit bykans orals gelees word: in Rusland, in Korea, Japan en China, in die VSA en Kanada, in Suid-Afrika, in die Kongo, in Mexiko en ook in Europa en dat van sy eksegeese oor die radio deur Moslems in Islamstate (bv. in Afrika) daagliks gehoor word?

Die feit is dat daar nog altyd so 'n geweldige invloed van hom uitgaan dat 'n omvattende handboek met die nuutste wetenskaplike navorsingsresultate oor hom en sy werk deur 'n span internasionale kenners in 2008 en 2009 nie net in Engels en Nederlands nie, maar ook in Duits sowel as Italiaans (!) gepubliseer word. 'n Moderne Roomse ensiklopedie beskou hom ook as een van die belangrikste teologiese skrywers van alle tye – ná die groot kerkvader Augustinus uit die vyfde eeu, dié belangrikste in die Weste!

Die moderne Westerse wêreld kan sonder Calvyn se invloed en dié van sy werk nie ingedink word nie. Maar is dit dan nie uitdruklik teen Calvyn se eie uitleg van die Skrif dat hier so baie gewag van 'n mens gemaak word nie?

### 'n Druk program

Om al die belangrike akademiese navorsingskongresse waar Calvyn se werk, betekenis en invloed in die middelpunt staan, by te woon, is vir een individu fisies onmoontlik. Van Oktober 2008, toe Calvynjaar-500 amptelik met 'n internasionale kongres in Nederland ingelui is, tot in 2010 wanneer die Tiende Internasionale Calvynnavorsingskongres in Suid-Afrika dit simbolies (en akademies) gaan afsluit, is daar 'n

byna onoorsigtelike aanbod van kongresse en konferensies, simposiums en seminare wat letterlik oor die aardbol georganiseer word. In historiese stede soos Genève, Basel, Amsterdam, Emden, Aix en Provence, Parys, Utrecht, maar ook in die VSA, Kanada, Indonesië, Korea, Japan en Suid-Afrika vind 'n oorvloedige aanbod van geleenthede, herdenkings en akademiese asook kerklike byeenkomste ter nagedagtenis van die Geneefse Reformator en sy werk plaas. Een webwerf stel dit soos volg: "Events will take place all year around the world."

### Ook in Suid-Afrika

Ook hier te lande is die Calvynjaar in Suid-Afrika al in 2008 ingelui met die vierjaarlikse, offisiële Agtste Suid-Afrikaanse Calvynnavorsingskongres, wat in September in Bloemfontein aangebied is. Die tema was *Calvyn as kategeet* en sommige van die kongresbydraes word vanjaar in *Koers* gepubliseer. Daarbenewens vind in 2009 verskillende ander samekomste plaas, byvoorbeeld 'n kongres oor *Calvyn en die onderwys*, 18 Julie 2009 in Pretoria (navrae plrb.aros@lantic.net) en die herdenking op Calvyn se geboortedag, 10 Julie 2009 by Unisa (navrae dplesdf@unisa.ac.za). Verder is verskillende geleenthede in die pyplyn op akademiese, kerklike en kulturele terrein, om ook nie te vergeet nie van studies of spesiale uitgawes deur onder andere *Koers*, die *Tydskrif vir geesteswetenskappe* (SA Akademie), *Studia historiae ecclesiasticae*, ensovoorts wat vanjaar aan Calvyn gewy word.

### Calvyn praat Afrikaans

Belangriker as die samekomste is dalk die verskillende Suid-Afrikaanse publikasies van Calvyn se eie werke. Sy Romeinse kommentaar, deur prof. Fanus Postma vir die eerste keer in Afrikaans vertaal, het betyds vir die Calvynjaar aan die einde van 2008 die lig gesien (beskikbaar by Calvyn Jubileum Boekefonds, te Potchefstroom – bestellings@gksa.co.za of by die IKRS, Instituut vir Klassieke en Reformatoriese Studies te Bloemfontein – britzrm.hum@ufs.ac.za). Die verkorte uitgawe van sy *Institusie* in Afrikaans (deur ds. A. Duvenage) word weer uitgegee. Hierdie

publikasie verskyn gelyktydig met die historiese roman deur Jansie van der Walt, *Johannes Calvin*. Laasgenoemde het onlangs ook in Engels verskyn en is veral gerig op die Engelssprekende mark in Suid-Afrika en Afrika (*The dawn of a new light – life story of John Calvin*). Al drie laasgenoemde publikasies is ook uit die stal van die CJBF (bestellings@gksa.co.za), wat self vanjaar sy honderjarige jubileum vier. Boonop word tans gewerk aan die heruitgawe van die Afrikaanse vertaling van die 1559-*Institusie* (1984-1992) deur prof. H.W. Simpson) omdat die eerste uitgawe uitverkoop is. Calvin se kategismus (Kategismus van Genève), het reeds in 1981 in Afrikaans verskyn (deur prof. Simpson vertaal), en is sedert 2008 op die internet beskikbaar (<http://www.enigste.troos.org/esword.htm>). Daar is ook al ver gevorder met die vertaling van ander Calvin-kommentare in Afrikaans.

### Mensverering of erkenning van God se genade?

Dit is bekend dat Calvin 'n graf sonder 'n grafsteen wou hê (en ook gekry het) – om mensverering en pelgrimstogte by die wortel af te sny. Maar hoe is dit dan nou te rym met dit wat wêreldwyd rondom sy naam gebeur, dat daar in 2009 oor die hele aardbol gedenkgeleenthede georganiseer word vir hierdie prediker – van Japan tot Amerika, van Switserland, Kroasië, Hongarye en verder in die Europese Unie, van Mexiko tot Suid-Afrika tot Indonesië ('n staat met die meeste Moslems) en verder in Asië? Is dit geregverdig dat daar groot openbare debatsaande in Nederland oor sy werk en invloed gehou word met verteenwoordigers uit alle kringe van die openbare lewe – debatte wat terselfdertyd lewendig in die internet gevolg kan word? Kan gereformeerdes dit verantwoord dat daar in 'n wêreldstad soos Berlyn, in die beroemde *Deutsches Historisches Museum*, 'n reuse uitstalling ter herdenking van hierdie Franse Hervormer aangebied word – 'n uitstalling wat deur niemand minder nie as die minister-president van Nederland, Jan Peter Balkenende, op 1 April vanjaar geopen is?

**Calvin wou 'n graf sonder 'n grafsteen hê om mensverering en pelgrimstogte by die wortel af te sny.**

### Nie óf nie, maar hóé

Om tussen al die gevare en risikos van mensverering 'n ewewig te bly bewaar, is nie maklik nie. Dít leer Calvin ons self juis in die lig van sy mensbeskouing, in navolging van Paulus, naamlik dat ons geneig is om God en ons naaste te haat. Maar aan die ander kant ontnem hierdie gevaar en risiko ons nie van die voortdurende opdrag van die Skrif nie, soos uitgespel in Hebreërs 13:7: “Gedenk julle voorgangers wat die Woord van God aan julle verkondig het; aanskou die uiteinde van hulle lewenswandel en volg hulle geloof na.”

**Die besondere van Calvin is dat sy werke nog steeds só toepaslik is, só met die mens van die 21e eeu praat, omdat dit so nou aan die Skrif gebonde is. 'n Mens kan as 't ware nie Calvin lees, sonder om die hele tyd ook die Bybel langs jou oop te hê nie.**

In erkenning aan die feit dat God deur die eeue mense gebruik om sy Woord uit te lê en uit te dra (vgl. Hebr. 11), is dit dus nie 'n vraag van óf ons vanjaar moet stilstaan by Calvin se betekenis nie, maar hóé, op watter wyse ons dit moet doen. Hierby kan die herpublikasie van sy werke, die aktuele vertaling daarvan (dringend noodsaaklik – ook die vertaling in ander Afrika-tale), die groot aantal nuwe navorsingsresultate wat die lig sien en die talle herdenkingsgeleenthede 'n besondere bydrae lewer. Want die besondere van Calvin is dat sy werke nog steeds só toepaslik is, só met die mens van die 21e eeu praat, omdat dit so nou aan die Skrif gebonde is. Deeglike, begronde Skrif-



uitleg, waarvoor Calvyn onder sy mede-reformatore gerespekteer was, bly steeds aktueel. In die woorde van die reformatoriese uitgangspunt, *Praedicatio Verbi Dei est Verbum Dei* (die prediking van die Woord van God is die Woord van God) bring Calvyn 'n mens telkens weer terug na die Skrif. 'n Mens kan as 't ware nie Calvyn lees, sonder om die hele tyd ook die Bybel langs jou oop te hê nie. Hy dwing 'n mens, trou aan die *ad fontes*-strewende (terug na die bronne-) van die Reformasie, altyd weer terug na die Skrif, na die Woord. Daarom bly Calvyn vars en van betekenis, juis vir die mens van die 21e eeu.

### Bydrae van die Calvynjaar

Terwyl daar seker, soos altyd met herdenkings maar kan gebeur, op té algemene, té glorieryke wyse met die geskiedenis omgegaan kan word, is daar met die hernude oplewing van belangstelling in Calvyn, nie net wêreldwyd nie, maar ook in Suid-Afrika, belangrike positiese aspekte. Solank Calvyn vir 'n slag weer self gelees word en daar minder oor hom gelees word; solank daar weer na sy eie geskrifte binne die historiese samehang gekyk word, nie asof hy in 'n lugleegte grootgeword, gestudeer, geworstel of geleef het nie; solank die agtergrond, die milieu, die omgewing van die sestiende-eeuse mens op die breekwater tussen die Middeleeue en die moderne tyd weer raakgesien word, kan sy bydrae in hierdie oorgang ook beter begryp en gewaardeer word. In 'n tyd waarin dit

mode geword het om geloofs- en belydenisverskille te nivelleer, waarin die Skrif maklik onder die noemer van (identiteitslose) "ekumene" of intergodsdienstige "dialoog" teruggeskuif word, waar pluralisme bevorder word en onder druk van postmodernistiese tendense nie meer van dié Waarheid nie, maar eerder van verskillende, subjektiewe waarhede gepraat word, is Calvyn se beklemtoning van Christus as die enigste Weg (Joh. 14:6) en ons roeping tot die uitdra van die evangelie en hierdie beginsel in die samelewing, so aktueel soos waarskynlik nog min in die verlede. Aan die einde van sy Romeinekommentaar, in splinternuwe Afrikaans, sê hy dit so treffend: "Die doel van die verkondiging van die evangelie ... [is] sodat God al die heidene byeenbring in gehoorsaamheid van die geloof." In hierdie strewende was Calvyn se lewensmotto nie verniet *Cor meum Tibi Domino prompte et sincere* nie – "Here, aan U offer ek my hart, bereidwillig en opreg". Mag dit ook in 2009 bepalend wees in ons dankbare nagedagtenis aan hierdie *Verbi Divini Minister* – Dienaar van die goddelike Woord. Mag die herdenkingsjaar waarlik *solus Deo gloria* wees – met die eer aan God alleen.

**Calvyn se lewensmotto was:**  
*Cor meum Tibi Domino  
 prompte et sincere* - "Here,  
 aan U offer ek my hart,  
 bereidwillig en opreg".

# Tuis in God se wêreld: die essensie van 'n reformatoriese lewensvisie

Bennie van der Walt

Skool vir Filosofie

Potchefstroomkampus, Noordwes-Universiteit

**D**ie leser se eerste reaksie op die opskrif van hierdie artikel sal waarskynlik wees: “Maar, dit kan tog nie waar wees nie! Kan enigiemand werklik in hierdie wêreld van vandag tuis wees?”

Miskien geld dit nog van mense in die ryk noordelike wêreld wat alles kan bekostig, naamlik 'n huis, genoeg om elke dag te eet, veiligheid, onderwys, mediese versorging en nog baie meer, maar kan 'n mens jou in Afrika – die armste kontinent ter wêreld – ooit tuis voel? Die meeste mense op hierdie kontinent beskik nie eers oor die mees basiese dinge soos skoon drinkwater, sanitasie, een maaltyd per dag, redelike huisvesting, veiligheid, basiese mediese dienste en primêre onderwys nie.

Die titel bevat ook nog 'n tweede aspek wat onmoontlik blyk te wees: “Tuis in God se wêreld”. Is dit werklik sý wêreld? Heelwaarskynlik voel korrupte mense, verkragters, rowers, moordenaars, hoereers, diktators en nog meer hulle wel hier tuis, maar beslis nie Christene, God se kinders, nie. Voel 'n mens nie soms of God self afwesig is nie?

Ek het begrip vir sulke lesers se reaksie, maar laat my toe om te verduidelik waarom ek oortuig is dat die titel van hierdie artikel tóg geldig is.

## 'n Bybelse belydenis

Die Christian Reformed Church van die VSA het (in 1986) 'n “contemporary testimony” met die title, *Our world belongs to God*, die lig laat sien. Hierdie belydenis verwys na talle Bybeltekste waarop dit gegrond is en die titel, *Our world belongs to God*, kom soos 'n refrein dwarsdeur die pragtige getuieis na vore.

Op grond van die sentrale belydenis dat die wêreld aan God behoort (vgl. Ps. 24:1; Job 40:6-41:34) omdat Hy dit geskep het, bely Seerveld (1997) verder: “... so, as a human being, I am at home in God's world”. Dié belydenis geld, ten spyte van die sondeval, op grond van Christus se voortgesette verlossingswerk nog steeds. Die titel van hierdie artikel is ook so 'n belydenis.

## Die asketiese neiging

Behalwe dat daar, as gevolg van soms haglike omstandighede, twyfel oor so 'n belydenis kan ontstaan, is daar meestal ook dieper lewensbeskoulike redes daarvoor.

Die Puritein, John Bunyan, se *The pilgrim's progress* word nog steeds herdruk en baie is van mening dat die enigste uitweg vir 'n Christen is om Bunyan op sy eensame reis uit die wêreld op pad na die hemelse stad te volg. 'n Bekende Suid-Afrikaanse teoloog en digter (J.D. du Toit of Totius) skryf ook 'n gedig met die titel “Die wêreld is ons woning nie”.

So 'n standpunt word nog dikwels selfs in preke gehoor, veral na aanleiding van tekste soos Hebreërs 11:13 en 1 Petrus 1:17; 2:11. Kerkgangers word daaraan herinner dat hulle hier op aarde slegs bywoners en vreemdelinge is en dus op aarde, terwyl hulle oë op die hemel gevestig is, soos pelgrims moet lewe.

So 'n standpunt is ongelukkig nie Bybels nie en behels ook nie 'n reformatoriese visie op die werklikheid nie.

### Wat die Bybel werklik leer

Seerveld toon aan dat die oorspronklike woord vir “vreemdeling” (*ger* in Hebreeus en *parepidemoi* in Grieks) primêr op die *verblyfplek* (in bv. ’n vreemde land) dui en nie op iemand se *bestaanswyse* as ’n pelgrim nie. “Vreemdeling” (*sojourner*) is dus ’n beter vertaling as “pelgrim”.

Verder moet ook die wêreld of die agtergrond van 1 Petrus ook in gedagte gehou word. Dit is gerig aan vervolgte Joodse Christene, wat as vreemdelinge in heidense omgewings oor die hele Klein Asië verspreid was. “Vreemdelinge *in die wêreld*” moet in hierdie lig verstaan word.

Die Bybel gebruik die woord “wêreld”, behalwe in die sin van ’n *sondige, onverloste wêreld*, egter ook in ’n ander positiewe betekenis. Dit dui op God se skepping waarvan Hy self (voor die sondeval) sê dat dit *baie goed is*. (Gen. 1:31; vgl. ook 1 Tim. 4:1-5). Christus kan dus ook tot die Vader bid dat God nie sy dissipels uit die wêreld moet wegneem nie, maar hulle van die Bose (die *sondige wêreld*) moet bewaar (Joh. 17:15).

### Nie pelgrims nie, maar geroepenes

Uit 1 Petrus (2:9) blyk dit duidelik dat gelowige Christene nie swerwende Jode, Moslempelgrims of hedendaagse, postmoderne, sekulêre nomades is nie. Hulle is ’n uitverkore volk, ’n koninklike priesterdom, wat die verlossingsdade moet verkondig van Hom wat hulle geroep het uit die duisternis – ook van ’n doellose swerwersbestaan – tot sy wonderbare lig. In Efesiërs 2:19 lees ons dat ons *nie* meer bywoners is nie, maar volle burgers in die huisgesin van God.

**As profete, priesters en konings, het ons ’n wêreldwye roeping hier op aarde.**

Indien ons profete, priesters en konings is, (1 Pet. 2:9), beteken dit dat ons ’n wêreldwye roeping *hier op aarde* het. *Elkeen* van ons – moeders en vaders, kinders, verpleegsters, regslui, onderwysers, onge-

skoolde werkers soos vullisverwyderaars en straatveërs – het ’n taak *hier op aarde*.

Dié goddelike roeping bly van krag ook al mag dit soms vir ’n mens as gevolg van moeilike omstandighede *voel* asof jy maar ’n vreemdeling is en liever jou pelgrimskoene moet aantrek, kiere moet vat en vir alles “totsiens!” sê.

Natuurlik loer ons grootste vyand – die dood – elke oomblik na elkeen van ons. Maar selfs dít kan ons nie van die liefde van God skei nie (Rom. 8:38) – Hy belowe aan ons (na ons opstanding) ’n *nuwe aarde* as finale tuiste (Openb. 21:1-7).

Seerveld se konklusie is dus:

... for me the most Biblical root metaphor for human lives which would be obedient to the Lord is for Christ's followers to be not pilgrims *en route* to heaven, but a remnant community of royal priests in the order of Melchizedek (Ps. 110; Heb. 4:14-8:13), building tent cities of refuge in the very citidals of secularized culture ...

### Die karakteristieke van ’n reformatoriese visie

Seerveld is van mening

... it is wrong ... to make an ascetic pilgrimage the norm for Christian living ... Scripture's thrust is overwhelming positive, calling those for whom Christ's sacrifice was sufficient for salvation to  *dwell fully in creation*  and be obedient in everything so that 'fleeing sin' is swallowed up in 'doing good works' with joy.

’n Christen se bestaan in hierdie wêreld is dus omgewe met blydschap en dankbaarheid:

... being fundamentally at home here as human creature in God's creation entails a way-of-life focused in a joyful thankfulness to the Lord for all God's creatural gifts.

Hierop volg dan die belangrike woorde: “Thus orientation is basic to a reformational Christian world view”. Dat dit inderdaad die unieke van die reformatoriese lewensvisie is (en nie bloot *sola fide, sola*

*gratia, sola Scriptura en soli Dei gloria*, soos dikwels beweer word nie), blyk ook uit dit wat ander reformatoriese filosofie skryf. Marshall (1998) se boek stel die negatiewe kant: *Heaven is not our home*. Wolters (1985) bring die positiewe na vore: *Creation regained*. Die skepping moet, omdat dit aan God behoort, deur ons kultuurarbeid op alle lewensterreine vir Hom herwin word. Dit kan nie gebeur sonder die regte ingesteldheid nie.

### Verkeerde lewensvisies

Vir 'n reformatoriese lewensvisie is die volgende houdings van Christene teenoor die wêreld en die hedendaagse kultuur dus onaanvaarbaar: om dit net te *veroordeel*, sodat 'n mens, sonder om 'n alternatief te bied, jou daaraan kan onttrek; om dit slegs te *kritiseer*, sonder om te probeer om iets te verander; om dit bloot te *kopieer* – dan is die Christen se lewe slegs 'n nabootsing van die omringende sekulêre leefwyse; om in aansluiting by die kontemporêre verbruikerskultuur ook 'n blote *verbruiker* (“consumer”) daarvan te word, sodat jou eie lewenswyse, morele waardes en norme nie enigsins daarvan verskil nie.

Hierteenoor wil 'n reformatoriese lewensvisie 'n drievoudige belydenis handhaaf en ook oral uitleef, naamlik hierdie wêreld is God se wêreld; ek is tuis in hierdie wêreld; en ek het 'n goddelike roeping om van die sondige wêreld in die krag van die Gees 'n beter plek te maak.

Aan so 'n reformatoriese lewensvisie bestaan daar wêreldwyd 'n groot behoefte. As voorbeeld word Afrika gebruik.

### Die behoefte aan 'n reformatoriese lewensvisie in Afrika

'n Bekende Christelike leier in Afrika T. Adeyemo, skryf alreeds in 1993 die volgende:

For decades in Africa evangelism and missionary activities have been directed at getting people saved (i.e. spiritually) but loosing their minds. Consequently we have a continent South of the Sahara that boasts of an over

50% Christian population on the average, but with little or no impact on society.

Dit is 'n merkwaardige uitspraak, want die Christendom is nie iets nuuts in Afrika nie, al het dit maar eers 'n bietjie meer as 100 jaar gelede sekere dele in die binneland bereik. Oden (2007) toon byvoorbeeld aan dat die vroeë Christelike kerke in Noord-Afrika 'n baie groot bydrae tot die Westerse Christendom gemaak het.

Wat Adeyemo sê, is egter waar. Die Christene van Afrika se harte is reg, maar hulle het nog nie werklik met die verstand die probleme van die samelewing deurdink nie. Hulle is goeie kerkmense, maar hulle invloed op die samelewing buite die kerkmure is te gering.

**'n Reformatoriese lewensvisie handhaaf 'n drievoudige belydenis, naamlik hierdie wêreld is God se wêreld; ek is tuis in hierdie wêreld; en ek het 'n goddelike roeping om van die sondige wêreld in die krag van die Gees 'n beter plek te maak.**

Adeyemo doen, myns insiens, ook die regte oplossing aan die hand. Hy skryf:

We are convinced that an integrated Christian worldview based upon the Holy Scriptures, the Bible, is an indispensable foundation to live out an authentic Christian life in our contemporary society, hence the imperative to develop a Christian worldview within the African context.

### Veral twee behoeftes

Die aanhaling uit Adeyemo gaan egter nog verder:

The battle therefore, is for a Christian mind, to think Christianly and to grasp the full implications of the Lordship of Christ over all areas of life. This implies the necessity to develop a

Christian anthropology and Christian social philosophy.

### Aktualiteit

Uitsonderings daar gelaat, het Afrika, ten spyte van die hooggeroemde *ubuntu*, nie 'n baie hoë dunk van die mens nie. Apartheid was nie die enigste vergryp teen die swart mense in Suid-Afrika nie. 'n Vooraanstaande politieke leier in Suid-Afrika noem volgens nuusberigte sy swart politieke teënstanders “kakerlakke” en “honde”. In 'n buurland, Zimbabwe, het die regerende ZANU-party en hulle multi-miljoenêr president, Robert Mugabe in Februarie 2009, skynbaar ook geen meegevoel vir vyf miljoen landgenote wat 'n hongerdood in die gesig staar en duisende wat aan 'n cholera-epidemie omkom nie.

Maar ook in die Westerse wêreld, staar die mense tans as gevolg van die ergste ekonomiese depressie in 75 jaar ellende in die gesig. Miljoene mense gaan moontlik vanjaar hulle werk en inkomste verloor. Die kapitalistiese ekonomie het blykbaar sy grense bereik. Ons begin tans die duur prys betaal van gierigheid en die uitbuiting van die medemens en die omgewing!

### Belangrikheid van 'n Bybels-reformatoriese mensvisie

**Die mens is net God se “saakgelastige” of “onderkoning” op aarde; hy/sy is in sonde gevalle, maar word deur die verlossing in Christus en onder leiding van sy Gees tot 'n nuwe lewe herstel.**

Uit hierdie enkele flitse blyk reeds duidelik hoe belangrik dit is om opnuut oor die mens as individuele en sosiale wese te besin, veral vanuit 'n Bybels-reformatoriese perspektief. Daarvolgens mag die mens nie, soos sekere Afrikaleiers met hulle onderdane doen, *verlaag* word tot 'n ding, 'n insek of 'n dier nie. Die mens mag ook nie *verhef* word, soos sekere Afrika-presidente hulself beskou, tot 'n semi-god nie. Die Bybel leer ons wat die *werklike*

*plek, status en taak* van die mens is. Hy/sy is net God se “saakgelastige” of “onderkoning” op aarde; hy/sy is in sonde gevalle, maar kan ook deur die verlossing in Christus en onder leiding van sy Gees tot 'n nuwe lewe herstel word.

### Verband tussen mensvisie en samelewingsvisie

Ek gaan van die veronderstelling uit dat 'n mens se visie op God en sy verordeninge (of surrogaatgode en hulle riglyne vir die lewe) bepalend is vir hoe iemand se visie op die mens sal wees. Op sy beurt bepaal 'n mens se mensbeskouing (antropologie) weer sy samelewingsfilosofie. Die volgende voorbeelde kan in dié verband van hulp wees:

- Die Bybel openbaar dat die mens nie net 'n individuele nie, maar ook 'n sosiale kant het. Om die mens net as 'n individu te beskou (vgl. die Westerse individualisme), of primêr as 'n kommunale wese te definieer (vgl. Afrika se kommunalisme), is dus onaanvaarbaar.
- Indien 'n Bybelsbegronde mensbeskouing die multidimensionele aard van die mens beklemtoon, sal 'n eendimensionele samelewing (wat die mens byvoorbeeld net as 'n politieke of ekonomiese wese behandel) nie ware menswees kan bevorder nie.
- Indien 'n Christelike mensbeeld soveel klem op die hart en die sentrale rol van die liefdesgebod lê, moet dit noodwendig – teenoor die dehumaniserende tendense in die huidige samelewing – tot 'n meer “menslike” samelewing lei.
- Indien die mens die roeping het om op elke terrein God se beeld te vertoon, pleit dit teenoor die onmenswaardige, soms demoniese behandeling van mense, vir 'n menswaardige samelewing.
- Die geloof dat daar lewe ná die dood is, hou ook implikasies vir die samelewing hier en nou in. So 'n visie staan byvoorbeeld teenoor 'n kapitalisties-materialistiese samelewingsbestel wat

gekenmerk word deur 'n dolle gejaag na geld en goed, "want môre sterwe ons".

Ook die omgekeerde proses, naamlik die invloed van 'n bepaalde samelewingsorde op die individuele mense daarbinne, is belangrik. 'n Reformatoriese samelewings-filosofie is nie net op 'n Christelike mensvisie *gebou* nie, maar dit kan ons visie op individuele menswees ook verder *verryk en versterk*.

### Christelik-filosofiese verdieping

'n Verdere Christelik-filosofiese besinning oor 'n mens se lewensvisie is 'n belangrike manier om vir gelowiges duidelik te maak *dat* hulle in God se wêreld tuis hoort asook *wat* die werklike implikasies daarvan is. Filosofie handel normaalweg oor die *hele* werklikheid.

'n *Christelike* filosofie is nog meer omvattend van aard. Terwyl sekulêre filosofieë God meestal uit ons gesigsveld uitsluit, sluit 'n reformatoriese wysbegeerte nie God, die grootste Werklikheid, uit nie. God word gelowig aanvaar as die Skepper van *alles*. Die *hele* skepping is sý koninkryk. Sy verordeninge geld vir *alles* wat Hy daargestel het. Ook die mens het van Hom 'n *kosmiese* taak ontvang en nie bloot 'n eng kerklik-godsdienstige taak nie. Die mens moet namens God oor die *hele* aarde volgens God se wil regeer. Na die sondeval het dit 'n kosmiese taak van bevrydende diens op *alle* lewensterreine geword. Geen wonder dat Hart (1969) 'n Christelike filosofie 'n *cosmoscope* noem nie.

### Die Christelike lewe: dieselfde en tog anders

Volgens die reformatoriese denke beteken 'n *cosmoscope* nie dat 'n Christen se lewe iets anders as kreatuurliks sou wees nie. "The Christian life is not mystic, private, inner, withdrawn or reserved, but a full, open and ordinary kind of life." Volgens Hart impliseer dit:

Life in Christ apart from communal involvement in for example the polit-

ical, economic, social, educational, and other structures of human society would be a life in Christ less than what life is like.

Om 'n Christen te wees beteken nie om 'n totaal ander soort lewe te voer nie. Hart verduidelik:

Members of the body of Christ do not have either more or less fingers on their hands than do other people, they too are likely to peel their potatoes before eating them, they enjoy sexual life, they have people they like as friends ... have social lives, buy and sell in an economically responsible way, and so on.

Om as Christen te lewe beteken 'n *geestelike* nuutheid van rigting binne dieselfde skeppingstrukture. As voorbeeld gebruik Hart eenvoudige, daaglikse aktiwiteite soos eet en drink:

Eating and drinking to the glory of God is a different kind of eating than the same act done to the glory of another. Surely, it will still be eating. But a different kind of eating, spiritually different.

### 'n Christelike lewe is meer as die kerklike lewe

Hart vestig ook die aandag op 'n ander belangrike punt vir die Christendom in Afrika. So 'n kosmoskopiese visie impliseer dat die evangelie toegelaat moet word om omvattend en regstreeks tot *alle* lewensterreine te praat. Dit hoef nie *via* die kerk of 'n teologie *relevant gemaak* te word nie. As voorbeeld gebruik hy die industriële lewe en die politiek.

Dit is nie deur middel van kerklike uitsprake of deur "geestelikes" aan te stel dat Christene werklik 'n invloed op byvoorbeeld die arbeidsterrein uitoefen nie, maar, sê Hart, "to live out the Gospel industrially ... The problem is not one of the relation of church life to industrial life, but one of industrial life Biblically conceived". Net so moet Christelike politici op *politieke* wyse hulle roeping getrou aan God se Woord uitvoer.

Alles kan soos volg saamgevat word: Baie

Christene beperk nog die diens van God tot 'n faset van hulle lewe (die sg. Godsdienstige of religieuse). Hierteenoor sê 'n Bybels-reformatoriese lewensvisie en filosofie kort en duidelik: "Life is religion" – die hele lewe is religie.

### 'n Christelike lewe is dinamies

'n Laaste belangrike punt wat hierby aansluit, is Christene se visie op God se verordeninge vir die verskillende terreine van die lewe. Ons luister weer na Hart:

The basic principles of God's Word are *constant*. They do not change. Not that they are *static*. The commandment: 'You shall love' is constant and unchanging, but not static. Obedience to it brings a most dynamic situation ... Wine of new vintage must be put into fresh containers or both will be lost. This calls for change and constancy. New wine asks for a change in container. But it does ask for a container. Old garments need to be tossed and replaced, not patched up.

God se sentrale liefdesgebod neem op *elke terrein* van die lewe 'n nuwe vorm of gestalte aan. Maar dit moet ook *in elke tyd* weer op 'n nuwe, kreatiewe wyse uitgeleef word.

### 'n Praktiese kosmoskoop

Die eindooogmerk van 'n Christelike lewensvisie en filosofie moet prakties wees. Dat ons, tuis in God se wêreld, weer *Christelike* huweliksmaats, vaders en moeders, onderwysers, regeerders en onderdane, sakelui, sportmanne en -vroue, boere en leiers op talle ander gebiede van die samelewing sal hê.

**God se sentrale liefdesgebod neem op *elke terrein* van die lewe 'n nuwe vorm aan. Dit moet *in elke tyd* op 'n nuwe, kreatiewe wyse uitgeleef word.**

Dit moet mense wees wat weet hoe om God se gebod van liefde tot die naaste op elke terrein van die lewe 'n unieke gestalte te gee. Dit moet gebeur in plaas van die korrupsie, immoraliteit, onverantwoordelikeit, geldgierigheid, geweld, moord, haat en talle ander negatiewe en skokkende dinge wat ons daagliks ervaar.

Tuis in God se wêreld? Ja! – want dit is Gó d se wêreld hierdie

**WOORD & DAAD** op die internet! /  
**WORD & ACTION** on the internet!  
[http://www.journals.co.za/ej/ejour\\_woord.html](http://www.journals.co.za/ej/ejour_woord.html)  
UserID en wagwoord kan aangevra word by:  
Erika.Otto@nwu.ac.za

# Die post-2009-verkiesingsomgewing in Suid-Afrika: enkele strategiese perspektiewe

André Duvenhage

Fokusarea: Direkteur (Sosiale Transformasie)/Skool vir Sosiale en Owerheidstudies, Potchefstroomkampus, Noordwes-Universiteit

Die 2009-verkiesing was ongetwyfeld die interessantste sedert die historiese 1994-verkiesing in Suid-Afrika. Soos aangedui in 'n vorige bydrae, moet hierdie toedrag van sake beoordeel word teen die spesifieke agtergrond van Suid-Afrika se "tweede politieke transisie" waarin die 2009-verkiesing die "regerings-transisie" (van Mbeki na Zuma) gefinaliseer het. Op hierdie stadium is dit die groter "regime-transisie" wat nou eers momentum opbou met die aanwysing van kabinette en die aanstelling van senior bestuurders. Luthuli-huis – en nie die Uniegebou nie – het reeds teen die einde van 2008 aangedui dat daar in afwagting van die algemene verkiesing en met die vervanging van die Mbeki-elite as prioriteit geen nuwe aanstellings gemaak sal word nie. Waarskynlik sal ons in die toekoms na die periode of oorgang as die era van die "tweede transformasie" verwys, met beklemtoning van die feit dat die hef-aan van verandering nog voor die deur lê. Die 2011-plaaslike verkiesing en die 2014-algemene verkiesing is ook nie meer ver agter die horison nie en groot uitdagings lê voor vir sowel die regering as die opposisie.

Anders as wat sommige politieke analiste voorspel het, was die 2009-verkiesing nie 'n waterskeidingsverkiesing nie. Nogtans was daar genoegsame veranderings in terme van bestaande verkiesingspatrone en tendense dat daar tog nuut na die post-verkiesingsomgewing gekyk moet word. Met aanduidings van nog groter veranderings wat voorlê, is hier kwalik sprake van ledige oomblikke in die politiek, soos

wat Pieter Mulder en Helen Zille, om net enkeles te noem, kan getuig. Die konteks van hierdie aanbieding is 'n kort ontleding van die post-2009-verkiesings

omgewing, met as fokus: die uitslag van die 2009-verkiesing; 'n interpretasie van die uitslag; die post-verkiesingsomgewing; en enkele strategiese en toekomspektiewe.

## Die 2009-verkiesing


Die grootte en omvang van die verkiesing word goed geïllustreer deur die 21 500 amptenare wat ontplooi is, die 19 726 stemlokale wat bedryf is, die sowat 40 partye wat deelgeneem het en die feit dat sowat 77,30% van die ongeveer 23,2 miljoen kiesers gestem het. Die uitslag van die verkiesing kan soos volg saamgevat word (sien volgende bladsy vir diagramme):

Wanneer onderstaande diagramme in oënskou geneem word, is die volgende van belang:

- Die ANC verloor sy tweederde-meerderheid; die DA is by verre die tweede sterkste party; COPE vestig homself as rolspeler; en kleiner partye kom in die algemeen nie die mas op nie.
- Daar is laer vlakke van politiek apatie as in die vorige twee verkiesings.
- Die laer-as-gemiddelde stempersentasie in veral Limpopo, maar ook in Noordwes.
- In terme van potensiële steun is Gauteng, KwaZulu-Natal en die Oos-Kaap baie belangrik en het net minder as 60% van die stemgeregtigdes.





Nasionale uitslae



Persentasie kiesers wat in die 2009-verkieping gestem het

Kiesersrol: 20 Februarie 2009  
Provinsiale verdeling



Interpretasie van die verkiesing

Soos wat vroeër uitgewys is, het ons nie hier met 'n waterskeidingverkieping te make nie, maar slegs "modified business


as usual". Die ANC het 'n tweederde-meerderheid verloor hoofsaaklik as gevolg van steun wat aan COPE afgestaan is. Dit is veral waar ten opsigte van provinsies soos die Noord-Kaap, Oos-Kaap, die Vrystaat en in 'n mindere mate Limpopo – almal provinsies waar COPE die status

van amptelike opposisie verwerf het. Heel-wat steun is egter weer verhaal van kleiner partye (veral die IVP) om die ANC se posisie as dominante hegemonie te bly handhaaf.

Teen die verwagting van sommige analiste het COPE nie beduidende steun van die DA weggeneem nie. Trouens, nasionaal het die DA die beste geprester in sy kort

geskiedenis en selfs die Wes-Kaap met 'n volstreekte meerderheid gewen. Die feit dat die DA sy status as amptelike opposisie in die Noord-Kaap, Oos-Kaap, Vrystaat, Limpopo en Noordwes verloor het waar COPE nou die amptelike opposisie is, kan egter as 'n terugslag vir die DA beskou word. Provinsiaal kan die steunvlakke soos volg aangedui word:

### Provinsiale steunvlakke



Soos voorspel in die vorige bydrae in *Woord en Daad*, het COPE onder 10% presteer. Die persentasie stemme vir hierdie baie jong party is nietemin goed, en dit is ook die belangrikste rede waarom die ANC sy tweederde-meerderheid kwyt is. COPE se steun was hoofsaaklik afkomstig van Mbeki-lojaliste, 'n meer kritiese middelklas asook ontevrede minderheids-groepe wat in die verlede veral vir die ANC gestem het. Bruin mense in die Wes-Kaap en Noord-Kaap sou hier vermeld kon word.

Vir die kleiner partye soos die IVP, UDM, VF+, PAC, AZAPO, OD, ACDP en 'n provinsiale party soos die UCDP (van Lucas Mangope) was die uitslag teleurstellend en vir sommiges is die skrif aan die muur. Dit is slegs een van die tekens dat opposisiepolitiek in 'n fase van ver-

andering is, met waarskynlik nuwe opposisieformasies en herkonfigurasies wat vorentoe kan ontwikkel. Een van die groot tekortkomings van bykans alle opposisie-groeperings is 'n onvermoë om middelklasbelange te beskerm en tegelykertyd ook alternatiewe te bied vir 'n arm meerderheid. Indien enige opposisieparty die land in die toekoms wil regeer, sal hierdie brug geslaan moet word en 'n teenvoeter vir die ANC in hierdie opsig gevind moet word.

'n Versagting (en nie verandering nie) van daardie kenmerke wat verkiesings sedert 1994 onderlê het, is aan die orde tydens die 2009-verkiesing. Hoewel keuses steeds konserwatief van aard is, is dit minder so as in die verlede. Die steun van COPE in die algemeen, sowel as die feit dat die DA die Wes-Kaap met 'n volstreekte

meerderheid kon wen, getuig hiervan. Elemente van 'n "class divide" is stadig besig om die "racial divide" te versag, hoewel die 2009-verkiezing (soos vorige verkiesings) steeds die kenmerk van 'n rassesensus eggo. Wanneer beleidsraamwerke as vertrekpunt geneem word, is dit duidelik dat groot konsensus bestaan oor wat die belangrike kwessies in Suid-Afrikaanse politiek is. Hiervolgens kan daar van 'n sentrum-oriëntasie gepraat word. Wanneer daar egter na strategieë van partye gekyk word om die belangrike kwessies te hanteer, is fundamentele ideologiese verskille te bespeur. Die grondslag hiervan is onderskeidelike radikalisme (selfs revolusionêr) of liberalisme (ook neo-liberaal) of konserwatisme, of selfs Afrikanisme.

**Een van die groot tekortkomings van bykans alle opposisiegroeperings is 'n onvermoë om middelklasbelange te beskerm en tegelykertyd ook alternatiewe te bied vir 'n arm meerderheid.**

Die ANC kan ook beskryf word as minder dominant-hegemonies as na die 1999- en 2004-verkiesings, met 'n verdere tendens by kiesers om kleiner partye te verruil vir groter partye soos die ANC, DA en COPE. Op hierdie stadium kan 'n meer kompeterende tweepartystelsel op die langer termyn nie sonder meer as 'n scenario van die tafel gevee word nie. Voorts moet vermeld word dat die vlakke van politieke apatie laer was as tydens vorige verkiesings, maar dat talle logistieke probleme wel opgeduik het en dat daar in sommige dele van die land vrae gevra is oor die vryheid en regverdigheid van die 2009-verkiezing. Wat vryheid en regverdigheid sowel as logistieke kapasiteit betref, stel Suid-Afrika egter 'n voorbeeld vir die Afrika-kontinent en ook vir talle state buite Afrika. Met die afloop van die 2009-verkiezing is Suid-Afrika se tweede transisie afgehandel. Nou word 'n regime-transisie betree en het die eise van die

postverkiesingsomgewing die Zuma-administrasie op 'n nugter maag getref.

### **Die postverkiesingsomgewing**

**Politieke energie afkomstig uit die verkiesing in die vorm van gemobiliseerde verwagtings lê ten grondslag van verskeie optogte, betogings, patrone van politieke geweld, persoonlike vendettas en pogings om politieke agendas as prioriteite van die nuwe regering vas te stel.**

Die momentum van die verkiesing en die hoë vlakke van politieke mobilisasie het nie tot stilstand gekom met die bekendmaking van die verkiesingsuitslag nie. Trouens, hierdie momentum het in sekere opsigte selfs geëskaleer en was bydraend tot 'n baie onstabiele politieke omgewing wat reuse-uitdagings stel (en gaan stel) aan die nuwe Zuma-administrasie. Politieke energie afkomstig uit die verkiesing in die vorm van gemobiliseerde verwagtings lê ten grondslag van verskeie optogte, betogings, patrone van politieke geweld, persoonlike vendettas en pogings om politieke agendas as prioriteite van die nuwe regering vas te stel. Vergelyk byvoorbeeld die persoonlike aanslag op Helen Zille en haar nuwe kabinet; optogte van MK-veterane en andere; verskille tussen die ANC en sy bondgenote; ontevredenheid oor swak dienslewering; pogings om Tito Mboweni as President van die Reserwebank te ontsetel; vorms van politieke geweld; taxi-geweld; vigilantisme, ensovoorts.

In skille kontras met verwagtings wat soms geen plafon het nie, is die ekonomie vir die eerste keer sedert 1994 amptelik in 'n resessie, wat verkiesingsbeloftes moeilik, indien enigsins haalbaar maak. Afgesien van 'n ekonomie in resessie, is 'n belangrike erflating van die Mbeki-era 'n disfunksionele openbare sektor wat moet

probeer voldoen aan hierdie “strek-teikens”, wat soms totaal onrealistiese teikens is. In sy staatsrede ’n tyd gelede het die nuwe president verskeie sake in die vooruitsig gestel wat in ooreenstemming is met die verkiesingsmanifes van die ANC en wat die gees van die post-Polokwane-fase eggo. Belangrike aspekte soos vervat in die Polokwane-resolusies, die verkiesingsmanifes van die ANC en die staatsrede van die nuwe president word hier toegelig as prioriteite van die nuwe administrasie:

- Die skepping van 500 000 werksgeleenthede voor Desember 2009 en 4 miljoen werksgeleenthede voor 2014.
- Die daarstelling en vestiging van ’n nasionale gesondheidsversekeringskema (mediese fonds). In toonaangewende Westerse state met ’n sterk infrastruktuur, kapasiteit en kundigheid het dit dekades geneem om soortgelyke inisiatiewe in werking te stel. Boonop is mediese personeel reeds skaars in Suid-Afrika en hou aan om die land in groot getalle te verlaat. In beginsel is die inisiatief nie noodwendig negatief nie, maar kwalik volhoubaar – veral op die langer termyn.
- Die spandering van sowat R787 biljoen aan infrastruktuurontwikkeling is baie positief, maar veronderstel ’n staatssektor met kapasiteit, kundigheid, vermoëns en ’n bepaalde etiese grondslag. Hierdie strukture en onderliggende waardesisteme is as gevolg van ’n kompleksiteit van redes nie in plek nie. Ten beste sal dit die uitvoering van so ’n inisiatief ernstig inhibeer.
- Met as fokus “the revival of our education system” word groter toegang tot onderwys op alle vlakke bepleit, veral ten opsigte van Graad R; sowel as “no fees schools” wat verder uitgebrei moet word en tersiêre onderwys wat in die algemeen getransformeer moet word. Die klem bly op transformasie (selfs versnelde transformasie), nieteenstaande die feit dat verskeie verslae die krisis in die onderwys en die gebrekkige sukses van veral swart skoliere en studente toeskryf aan ondeurdagte beleid en praktyk. Die nuwe minister van Hoër Onderwys, Blade Nzimande, bepleit die radikale transformasie van kampusse, met groter staatsintervensie wat in die vooruitsig gestel word, sowel as ’n taalbeleid wat afgedwing kan word (waarskynlik oorheersend Engelstalig, om uitsluiting van minder bevoorregtes te verhoed); asook drastiese optrede teen diskriminerende praktyke, en groter toeganklikheid vir arm studente.
- Die moontlikheid om ernstige sosio-maatskaplike vraagstukke (waaronder armoedeverligting en werkloosheid) te hanteer deur veral (hoewel nie uitsluitlik nie) van groter en meer sosiale toelae gebruik te maak, word in die vooruitsig gestel. Trouens, daar is selfs sprake van ’n omvattende netwerk ter bevordering van sosiale sekuriteit. Tans ontvang sowat 13 miljoen mense, waarvan 8 miljoen kinders is, toelae van die staat.
- Die volgende prioriteite word op ’n regimevlak in die vooruitsig gestel: herstrukturering van staatsdepartemente om nouer aan te sluit by die strategiese prioriteite van die ANC as regerende party; die groter sentralisasie van mag in veral die presidensie (nuwe ministeries en kontrolerende instellings); die posisionering van die party as strategiese vennoot van die regering, met ’n belangrike oorsigfunksie en rol; asook die aanvaarding en implementering van “the 17th Amendment Bill” waarvolgens die grondwet aangepas moet word om sentrale regeringsintervensies op provinsiale en plaaslike regeringvlak moontlik te maak.
- “Developmental financial institutions”, wat in ooreenstemming met ’n meer radikale ontwikkelingstaatbeskouing take aan instellings soos die Reserwebank opdra wat nie alleen verband hou met inflasiebeheer en die waarde van die geldeenheid nie, maar ook met sake soos werkskepping en armoedeverligting.
- Die eggo’s van ’n veranderende provinsiale en plaaslike bedeling klink weer

op, niesteenstaande die talle probleme en selfs gewelddadige opstande wat die afgelope jare ervaar is ten opsigte van swak dienslewering en veranderde provinsiale grense. Ten opsigte van laasgenoemde is die poging tot inlywing van Merofong/Khutsong by Noordwes 'n sprekende voorbeeld.

- Die voortsetting van regstellende aksie en SEB-programme, ongeag die diskriminerende aard hiervan en ongeag die kritieke en steeds groeiende kundigheidsgapings waartoe dié beleid en die toepassing daarvan aanleiding gegee het. In sommige gevalle is hierdie gapings reeds besig om krisisafmetings aan te neem.
- Radikale transformasie op gebiede soos landelike ontwikkeling en grondhervorming ongeag die bedreiging wat dit inhou vir voedselsekureit; die transformasie van die Regbank om groter verteenwoordigendheid te bewerkstellig; en programme om groter sosiale sekureit te verseker.
- Die konsolidasie en uitbouing van demokratiese instellings en die herstel van vertroue in instellings soos die Regbank en die Nasionale Vervolgingsgesag. Die Mbeki-nalatingskap sowel as die Zuma-saga is hier ter sprake, met 'n boedel wat disfunksionaliteit en morele agteruitgang beklemtoon.

Die uitdaging van die nuwe administrasie is om heelwat meer te probeer bereik met heelwat minder in 'n omgewing waar staatkundige, ekonomiese en sosiale vraagstukke besig is om te verdiep. Antwoorde word gesoek met as vertrekpunt bogenoemde sosiopolitieke en sosio-ekonomiese raamwerk, wat reeds binne en buite Suid-Afrika as gebrekkig bewys is. Om die politiek-staatkundige omgewing en inisiatiewe vanuit hierdie oord te verabsoluteer as die aller-antwoord vir uiters komplekse sosiale en ekonomiese vraagstukke, is myns insiens 'n bron van kommer. Dit voorspel niks goeds wanneer sosiale en politieke ingenieurswese die antwoord word vir talle komplekse vraagstukke nie; en wanneer net meer van dieselfde medisyne (volgens die resep van die ideologie) en die meer konsekwente toepassing hiervan beklemtoon word, desnieteenstaande die soms

skouspelagtige mislukking van sommige staatsgedrewe inisiatiewe. Dit herinner in sommige opsigte aan die ondeurdagte denke en die toepassing hiervan tydens die apartheidstyd, waarvoor daar vandag nog 'n prys betaal word. Kan dit in hierdie opsig waar wees dat die enigste les wat ons uit die geskiedenis leer, die feit is dat ons (aldus Hegel) niks daaruit leer nie?

**Die uitdaging van die nuwe administrasie is om heelwat meer te probeer bereik met heelwat minder in 'n omgewing waar staatkundige, ekonomiese en sosiale vraagstukke besig is om te verdiep.**

### **Evaluerende, toekoms- en strategiese perspektiewe**

Die 2009-verkieping lei 'n nuwe tydperk in die Suid-Afrikaanse politiek in. Die uitslag van die verkieping staan in die teken van verandering, met die regeringstransisie afgehandel, 'n regime-transisie wat nou momentum kry met die vooruitsigte van 'n "tweede transformasie" binne die volgende vyf jaar. Die uitdagings waarvoor die nuwe Zuma-administrasie te staan gaan kom, is selfs groter as dié wat Mbeki na afloop van die 2004-verkieping begroet het.

**Groot en belangrike kwessies gaan in die volgende vyf jaar op die spits gedryf word, waaronder moedertaalonderwys, die transformasie van tersiêre onderwys, die Regbank, sport, grondhervorming versus voedselsekureit, vaardigheidsontwikkeling versus "brain drain", en dienslewering in die algemeen.**

Die post-Polokwane-/postverkiegingsomgewing definieer tans 'n nuwe stel politieke spelreëls waarby die land en al sy burgers sal moet aanpas. Dit beteken egter nie die onkritiese aanvaarding van 'n beleidsraamwerk wat alle Suid-Afrikaners as slagoffers gaan hê indien dit verkeerd toegepas word nie. In die kritieke fase van politieke verandering en ook ten opsigte van die konsolidasie van die demokrasie wat tans oor die deur lê, moet kragte gekonsolideer word, gefundeerde debatte gevoer word en daadwerklik vir die toekoms beplan word. Min twyfel bestaan in my gemoed dat die volgende vyf jaar kritiek belangrik gaan wees vir die toekoms van die land en al sy mense. Groot en belangrike kwessies gaan in die volgende vyf jaar op die spits gedryf word, waaronder moedertaalonderwys, die transformasie van tersiêre onderwys, die Regbank, sport, grondhervorming versus voedselsekureit, vaardigheidsontwikkeling versus "brain drain", en dienslewering in die algemeen.

Die eise wat uit onderskeidelik die politiek-staatskundige, ekonomiese en sosiaal-maatskaplike omgewings spruit, gee in die huidige tydsgewrig nuwe betekenis aan die bekende stelling van J.F. Kennedy:

"Ask not what your country can do for you, ask what you can do for your country." Wat voorop behoort te staan in die moeilike tyd wat voor die deur lê, is groter verdraagsaamheid, vaardigheidsontwikkeling, en gebalanseerde oordeel teenoor ideologiese benepenheid. Die daarstelling van geleenthede vir almal om na hulle potensiaal te lewe, is belangrik in hierdie tyd. Slegs dan kan daar met die versindheid van 'n L.J. du Plessis saamgestem word as hy sê:

Futiel, nietig, blaaskrakerig, teleurstellend maar ook skrikwekkend is ons tyd, maar ook ontsaglik verruimend en onbegryplik hoopvol. Die geskiedenis is besig om sy sin oop te dek van die begin tot die einde toe; en ons begin in hierdie tyd eers vaagweg sy volle betekenis verstaan.

Gesonde waardestelsels soos gefundeer in grondwetlike en demokratiese staatspraktyk, ekonomiese modelle wat groei en ontwikkeling kan verseker en 'n benadering van groter sosiale verantwoordelikheid moet ons kompas wees in hierdie moeilike tyd wat voorlê.

**WOORD & DAAD** nou ook op **Facebook!** /  
**WORD & ACTION** now also on **Facebook!**

Sluit gerus aan by die groep om jou  
opinie/kommentaar te lewer en te sien wat die nuutste  
uitgawe inhou:

Woord en Daad – REBSA

[http://www.facebook.com/home.php#/group.php?  
gid=80390381484](http://www.facebook.com/home.php#/group.php?gid=80390381484)

## Is die nuwe Suid-Afrika 'n meer morele plek as die ou Suid-Afrika?

Anton van Niekerk

Direkteur: Sentrum vir Toegepaste Etiek, Universiteit van Stellenbosch

**D**ie ou Suid-Afrika was allerweë beskou as die “muishond van die wêreld”. 'n Mens sou daarvoor kon argumenteer of dié benaming 'n billike en geslaagde metafoor was. Muishonde is diertjies wat nie deur die mensdom hoog geag word nie. Die rede daarvoor is dat hulle “stink”. Daardie stank is natuurlik die klankie wat hulle afgee indien hulle bedreig word. Die bedoeling met die metafoor, soos toegepas op die ou Suid-Afrika, was natuurlik nie dat ons veragtelik was, slegs wanneer ons daadwerklik bedreig is nie; die bedoeling was eerder dat ons deurgaans “moreel gestink” het. Die vraag wat ek vervolgens aan die orde wil stel, is of dinge deesdae beter daaraan toe is. Is die “nuwe Suid-Afrika” 'n plek waar 'n mens ten regte kan voel asof jy in 'n samelewing leef waarin morele waardes weer hulle regmatige, gewenste plek verwerf het? Of was die oorgang van die ou na die nuwe Suid-Afrika inderwaarheid niks anders nie as die inruil van een stel morele onheilighede vir 'n ander een?

### Moraliteit en norme

Onder *moraliteit* verstaan ek die verskynsel dat menslike gedrag onderhewig is aan 'n *behorensis* – die eis dat ons ten opsigte van alle menslike gedrag kan en moet vra: behoort dit só te wees, of anders? Dit maak ons anders as die diere, wie se gedrag slegs die uitkoms is van die navolging van instink. 'n Dier wat sigself onaanvaarbaar gedra, kan hoogstens verwyder of selfs uitgesit word, maar kan nie op morele gronde “geblameer” word nie. Menslike gedrag, daarenteen, is onderworpe aan die uniek menslike verskynsel van “blaam”. Dit beteken menslike gedrag is beoordeelbaar/evalueerbaar aan die hand van norme en waardes. Mense

kan en moet daarom altyd vir hulle gedrag *tot verantwoording* geroep word. In dié sin is hulle “verantwoordelik” vir hulle daede. “Etiek”, daarenteen, is die neerslag van die sistematiese bestudering van die verskynsel van moraliteit. Dit is die neerslag van beredeneerde besinning oor die verskil tussen reg en verkeerd, goed en kwaad.

**Menslike gedrag is beoordeelbaar/evalueerbaar aan die hand van norme en waardes. Mense moet vir hulle gedrag tot verantwoording geroep word.**

Ons beoordeel menslike gedrag volgens norme. Norme is riglyne waarvolgens ons gedrag gerig behoort te word, soos byvoorbeeld die norme wat doodslag verbied of verdraagsaamheid aanmoedig. Waar kom hierdie norme vandaan? Daarvoor loop die geeste uiteen. Christene verklaar die Bybel as die geopenbaarde Woord van God tot die bron van norme. Andere voer aan dat norme uit die natuur of uit ons algemeen menslike intuïsie kom. Vir ander weer is norme bloot afsprake wat ons gemaak het in die ontwikkeling van samelewings; meganismes waardeur ons onself beskerm teen die destruktiewe bandeloosheid van mense wat ons alte dikwels rondom ons sien. Hoe godsdienste ook al mag verskil, dit bly merkwaardig hoe hulle dit breedweg eens is oor watter norme menslike gedrag behoort te rig. Daar is merkwaardige ekumeniese en internasionale konsensus oor wat die eis van moraliteit aan menslike individuele en politieke gedrag stel.

### Die ou Suid-Afrika

Ons kan daarom die ou en die nuwe Suid-Afrika vergelyk ten opsigte van hulle onderskeie morele identiteite. Ek hoop nie ek hoef baie energie te verspil om lesers daaraan te herinner dat ons vóór 1994 in 'n land geleef het waarin moraliteit aan die agterspeen gesuig het nie. Ek voer nie daarmee aan dat alles in die apartheidsstaat sleg was nie. Daar is goeie infrastruktuur gebou. Daar was, in wit geleedere, minder misdaad. Daar was 'n meer effektiewe openbare sektor; en daar was 'n waardesisteem, gepropageer deur enkele (te min!) morele profete, in terme waarvan die onmenslikheid van apartheid gaandeweg ook vir die meerderheid deursigtig begin word het.

Ons het egter geleef in 'n land waarin meer as 80% van die bevolking gestroop was van effektiewe inspraak in die regering. Apartheid was veel meer as 'n blote model vir politieke besluitneming. Dit was 'n ideologie in die sin van 'n omvattende denk- en handelingsraamwerk in terme waarvan menslike gedrag nie alleen gerig is nie, maar wat ook 'n bedenklieke, rasgeoriënteerde (indien nie blatant rassistiese) waardesisteem geïnstitusioneel het. Apartheid het in die 40 jaar na 1948 ras verhef tot die beslissende maatstaf in die lig waarvan bepaal is of 'n mens 'n volwaardige burger van die land is, waar jy mag woon, met wie jy mag trou, met wie jy seks mag hê, of jy 'n besigheid mag bedryf, of en waar jy mag boer, saam met wie jy 'n drankie mag geniet en mag dans, aan watter skool, kollege of universiteit jy mag studeer, in watter hysbak jy mag klim, by watter strand jy mag swem, en, vir vele, waar jy mag werk. Dit het mense berekend verarm, veral diegene wat verhinder is om behoorlike opvoeding te ondergaan en te werk waar hulle verkies. Diegene wat weens wette soos die groepsgebiedewet hulle eiendom en/of grond verloor het en nie naastenby toereikende vergoeding daarvoor ontvang het nie, het veral swaar gekry en het regmatige griewe. Die mees basiese geleenthede in die lewe is aan die meerderheid van die bevolking ontsê.

### Basiese menswaardigheid verkrag

Maar die immoraliteit van apartheid sny veel dieper as hierdie gebeurlikhede – erg soos hulle inderwaarheid reeds is. Die dieptepunt van die immoraliteit van apartheid was die wyse waarop daardie sisteem basiese menslike waardigheid verkrag het. “Mense van kleur” is nie alleen deurgaans deur wit mense as minderwaardig beskou nie; die ergste is dat talle nie-wittes dit self begin glo het. Die swart bewussynsbeweging wat in die sewentigerjare deur Steve Biko en andere aan die gang gebring is, was in wese niks anders nie as 'n reaksie op hierdie verskynsel – dus 'n daadwerklike poging om swart mense sover te probeer kry om hulle eie menswaardigheid te herontdek en op die basis daarvan self hulle heil te probeer uitwerk.

Niks illustreer vir my die pyn en die onmenslikheid van apartheid se degradering van menslike waardigheid beter as die bruin man wat ek 'n keer ontmoet het (nogal in daardie stadium 'n werknemer van die destydse staatsdepartement van Inligting – iemand wat eintlik meegewerk het aan die beeldbouproses van die apartheidstaat!) en wat my vertel het dat hy en sy vrou ten alle koste hulle kinders 'n derde Europese taal op skool wou laat aanleer. Die rede? Wanneer die kinders 'n restaurant in 'n “wit area” betree, kon hulle Duits of Frans praat, en is dan meermale (nie altyd nie!) beskou as “buitelanders”, en daarom toegelaat, ten spyte van hulle kleur. Hy het my vertel watter genoegdoening dit hom en sy vrou besorg het om in die motor te sit en kyk wanneer sy kinders so 'n restaurant betree – 'n “voorreg” wat die ouers tot in daardie stadium nie beskore was nie.

Ek sou ewe skreiende voorbeelde kon aanvoer van elk van die skrikwekkende morele aberrasies van apartheid wat vroeër vermeld is, maar ruimte laat my dit nie toe nie. Ek hoop egter nie dat ek enigiemand hoef te oorreed dat apartheid 'n morele skandaal was, iets waarvoor almal wat daaraan meegedoen het (en ek kan, graag soos ek sou wou, myself nie



daarvan uitsluit nie) hulle koppe in skaamte behoort te laat hang.

### Die nuwe Suid-Afrika

Gaan dit vandag beter? Daar is op die oog af soveel opsigte waarin die situasie in die land die morele barometer laat terugswaai het in die rigting van normaal. Ons het 'n regering met legitimiteit, al is daar knel-vrae oor hulle effektiwiteit, veral as die Eskomdebakel, die chaos in die Departement van Binnelandse Sake, die vlakke van dienslewering van talle plaaslike owerhede en dergelike meer in gedagte gehou word. Ras bepaal nie meer toegang tot geleenthede nie, al speel klas wel steeds 'n ontstellende belangrike rol in daardie toegang.

**Die belangrikste morele wins van die nuwe Suid-Afrika is die totstandkoming van die konstitusionele regstaat en die institusionalisering van die regsorde. Dit beteken egter allermens dat daar nie verskynsels en praktyke is wat moreel bedenklik is nie.**

Die belangrikste morele wins van die nuwe Suid-Afrika is die totstandkoming van die konstitusionele regstaat en die institusionalisering van die regsorde ("rule of law"), teenoor die magmisbruik van die sekurisasie van apartheid as polisiestaat. Ons word uiteindelik geregeer deur wette, eerder as deur mense; menseregte word erken en die konstitusionele hof waak oor regte onafhanklik van die wetgewende en

uitvoerende gesag. Rassisme word statu-têr verbied (byvoorbeeld haatspraak), en mense het vryheid van keuse ten opsigte van dinge soos werk, verhoudings, huwelike, woonplek, opvoedingsinstellings en ontspanningsareas.

Op suiwer morele gronde is ons daarom veel beter af. Maar dit beteken allermens dat daar nie verskynsels en praktyke in die nuwe Suid-Afrika is wat moreel bedenklik is nie. Misdaad is die voor die hand liggende voorbeeld; dit skep groeiende sosiale paranoia, en dit jaag derduisende potensieel waardevolle bydraers tot ekonomiese en sosiale groei uit die land. Regstellende aksie is in beginsel verstaanbaar en moreel verdedigbaar, maar dit neem tans heeltemal te veel die gestalte aan van brute, ongemotiveerde en uiters onverstandige diskriminasie – weer op rassegronde! – teen mense wat werk veel beter kan doen as die aangesteldes, en wat boonop dikwels geen aandeel aan apartheid gehad het nie.

Daar is daarom weinig rede vir selftevreedenheid en alle rede vir waaksaamheid op die morele front, ook en veral in ons nuwe bedeling. Ons sal volmaaktheid nie in hierdie lewe en in die samelewings van hierdie lewe bereik nie. Maar ons deel almal in die menslike natuur wat die goeie en die slegte kan onderskei, onreg wil beveg, verantwoordelikheid kan aanvaar en in vrede met alle mense en met die natuur wil lewe. Ons bevind ons, anders as tydens apartheid, uiteindelik in 'n historiese konteks waarin 'n wil tot moraliteit resoneer met die breë sosiale en politieke kultuur. Daardie wil behoort volhardend gevoed en gekultiveer te word, tot beswil van almal.

# Arso-skole: met die Woord en in die daad Christelike onderwys

Rob van der Kooy

Direkteur: Aros & uitvoerende beamppte van Arso, Pretoria

**G**aan kyk 'n bietjie na die lys ge-registreeerde privaatskole by elke provinsie se departement van onderwys. 'n Mens merk hoe baie skole, Afrikaans en Engels, hulself Christelik noem. Indien jy daarby ook nog die groot getal staatskole voeg wat te kenne gee dat hulle Christelike skole is, dan lyk dit indrukwekkend: 'n stewige persentasie van ons land se skoolkinders word nog Christelik opgevoed, van Rooms-Katoliek, charismaties tot streng gereformeerde!

'n Hele paar verenigings staan hierdie skole by om goeie en Christelike skole te wees, onder andere die Beweging vir Christelik-volkseie onderwys (BCVO), Accelerated Christian Education (ACE), 'n vereniging vir Rooms-Katolieke skole (CSB), die Association of Christian Schools International (ACSI), en nog verskeie ander. Daar is ook 'n vereniging, Aksie Reformatoriese (gereformeerde) Skoolonderwys (Arso), waarvan 'n dosyn meestal kleinerige skole landswyd lid is.

Wat onderskei al hierdie verenigings van mekaar, en hoe is Arso anders as die ander?

## Kenmerke

Arso is oortuig dat hierdie vereniging en die skole wat lede is, as reformatoriese skole slegs bestaansreg het indien hulle volgens die wil van die Here, dus volgens sy Woord, onderwys gee. Dit impliseer kenmerke soos die volgende:

- Ouers is primêr verantwoordelik vir die opvoeding van hulle kinders en skole is dus slegs verlengstukke van die ouers se taak.

- Daarom behoort ouers self vir die onderwys van hulle kinders te sorg, nie die owerhede nie. Dit beteken ouers moet skole bestuur en/of stig, sorg dat die regte onderwysers aangestel word en toesig hou dat die onderwys volgens God se Woord is.
- Broeders en susters in die geloof asook kerkrade moet hulle met die onderwys van gemeentes se kinders bemoei en lidmate aanmoedig om nie hulle taak in hierdie opsig te versuim nie.
- Die kerk, die skool, die ouer en soveel moontlik ook die gemeenskap waarin die kind beweeg, moet een in belydenis wees om die kind nie ten opsigte van Bybelse waardes en norme te verwar nie.
- Die ouers moet ook toesien dat die kwaliteit van die onderwys van die skool op peil is.

Indien 'n groep ouers wat 'n skool oprig, of by bestaande skole is, hierdie insigte met Arso deel, is hulle (ouers en skole) welkom om as lede by Arso aan te sluit.

## Ouerskole

Die Bybel leer duidelik dat die ouers verantwoordelik is vir die opvoeding en dus ook die onderwys van hulle kinders. Kyk maar na Psalm 78, talle gedeeltes in Spreuke, veral in hoofstukke 1-4, Deuteronomium 6:7 of Efesiërs 6:4. Met "ouers" word wel primêr die biologiese ouers bedoel, maar dit sluit ook die geloofsgemeenskap in. Wanneer ouers dus hulle kinders laat doop, tree die hele gemeente nie net as getuies op nie, maar is hulle ook medeverantwoordelik.

Onderwysers is deel van die geloofsge-meenskap en is dus medeverantwoordelik. Daarby is hulle kundiges op die gebied van opvoeding en onderwys. Ouers stel hulle aan as verlengstuk van die ouerhuis om te help met die onderwys en per implikasie ook met die opvoeding.

**Onderwysers is kundiges op die gebied van opvoeding en onderwys. Ouers stel hulle aan as verlengstuk van die ouerhuis om te help met die onderwys en met die opvoeding van hulle kinders.**

Arso is nie 'n vereniging wat voorskriftelik is en wat skole allerhande bindende reëls oplê nie. Dit is 'n vereniging wat ouerskole en ouers help om hulle kinders volgens die wil van die Here groot te maak. Daarom is Arso-skole nie aan Arso verantwoordelik nie, net soos kerke volgens die presbiteriaanse stelsel van kerkregering nie aan meerdere vergaderings soos sinodes verantwoordelik is nie. Arso lewer 'n aantal dienste aan lidskole, terwyl skole daardeur die geleentheid kry om 'n netwerk te vorm om mekaar te help. Onder die dienste tel aspekte soos die samestelling en beskikbaarstelling van gereformeerde skoolboeke, begeleiding en opleiding van personeel, uitruiling van insigte, evaluering van skole, en ook gemeenskaplike aktiwiteite soos atletiekbyeenkomste, kunswedstryde, seminare, ensovoorts.

By dit alles lê die klem daarop dat skole en ouers dit alles self doen. Dit is mos ouerskole! Arso is slegs die buro of skakel om skole in staat te stel om dinge self te doen.

Hoe lyk 'n gereformeerde of reformatoriese skool?

### **Enkele kenmerke van 'n gereformeerde skool**

Die oorhoofse doel van gereformeerde onderwys kan soos volg saamgevat word: "... sodat die mens van God volkome kan

wees, vir elke goeie werk volkome toegerus" (1 Tim. 3:17). Vir 'n gereformeerde skool vloei die volgende onder meer daaruit voort:

- Dag- en weekopening met Skriflesing, Skriftuurlike toeligtig en gebed.
- Die aanbied van spesiale verpligte vakke soos Bybelkunde, Kerkgeskiedenis en Geloofsleer. Die prioriteit is om die wil van die Here te ken en sy skepping te bewonder, nie om slegs wêreldse wysheid en kennis te beheers nie.
- Alle lesse en bedrywighede word in die lig van God se Woord aangebied.
- Voortdurende besinning deur die personeel en ook die bestuur oor wat God deur sy Woord van alle betrokkenes in al hulle bedrywighede verwag.
- 'n Voortdurende kritiese evaluering van vakinhoud, leermetodes en temas, en waar nodig die vervanging daarvan.
- Kritiese en antitetiese evaluering en houding ten opsigte van alles wat nie Christelik is nie. Ons is wel *in*, maar nie *van* die wêreld nie.
- Liefdevolle, dankbare en positiewe, maar ook kritiese verhouding met en samewerking tussen leerlinge, personeel, ouers, bestuur en ook met die buitewêreld.
- Bewuste bevordering van 'n Skriftuurlike waardestelsel en lewens- en wêreldbeskouing by die leerlinge.
- 'n Bybelse kind- en mensbeeld wat geleer en ook in die praktyk uitgeleef word.
- Brandende harte vir die saak van die Here – veral ook in die onderwys; en 'n drang en gedreweheid om hierdie liefde vir die saak van die Here ook aan die kinders oor te dra.
- Goeie en toepaslike akademiese standaarde.

- Na-uurse bedrywighede wat by die wil van die Here en daardeur by die karakter van die skool pas.
- Uitreikaksies om die rykdom/talente wat die skool/leerlinge/personeel ontvang het ook met ander te deel, naamlik op die vlak van welsyns, die kerk, gemeenskap en sending.

### Inisiatiewe

In die afgelope jare het Arso tot die insig gekom dat veral twee kernaspekte baie belangrik is, naamlik die samestelling en beskikbaarstelling van Christelike en kwaliteit skoolboeke, asook die opleiding van onderwysers.

Eers is met 'n skoolboekprojek begin. Vandag is reeds meer as 'n honderd skoolboeke veral vir laerskole beskikbaar en daarvan is reeds meer as 20 000 kopieë versprei – nie net aan Arso-skole nie, maar ook aan staatskole, CVO-skole, tuisonderwys en kerkrade (vir kategetiese onderwys).

**Vir Arso is veral twee kernaspekte baie belangrik, naamlik die samestelling en beskikbaarstelling van Christelike en kwaliteit skoolboeke, asook die opleiding van onderwysers.**

Nog baie bemarking is egter nodig. Baie skole weet nie van die boeke nie. Daar is begin met die vertaling van die boeke in Engels, sodat ook Engelstalige Christelike skole daarvan gebruik sal kan maak.

Daar is alreeds met die opgradering en opdatering van die boeke begin. Dit moet 'n deurlopende projek wees.

Om die reformatoriese opleiding van onderwysers te verseker, het Arso met die hulp van verskeie ander instansies 'n aantal jare gelede 'n nuwe organisasie gestig: Aros, dit is Akademie Reformatoriese Opleiding en Studie. Aros bied in samewerking met die Potchefstroom-

kampus van die Noordwes-Universiteit die B.Ed.-graad aan en het vanjaar reeds meer as 200 studente, terwyl 'n aantal studente alreeds gegradueer het en werk gevind het.

**In 2009 het meer as 'n honderd eerstejaars ingeskryf vir die kursus in Christelike onderwys.**

'n Kursus vir onderwysers is daargestel, naamlik *Christelik normatiewe onderwys*. 'n Hele aantal skole en onderwysers is reeds met die kursus besig. Onderwerpe wat in die kursus behandel word, sluit in die Bybelse mensbeeld, die doel van Christelike onderwys en opvoeding, hoe 'n Christelike skool lyk, die noodsaak en moontlikhede van 'n Christelike kurrikulum, onderwysmetodiek, orde en dissipline, evaluering, plek van die Christelike skool in die gemeenskap, die bestuur van 'n Christelike skool, die Christenonderwyser as ligdraer, en Christelike vakfilosofieë.

Sowel Arso as Aros is suksesverhale. Die groot tekort aan onderwysers, die soort opleidingsmodel wat gevolg word, en die onverwagte gretigheid van matrikulante om onderwysers te word, het tot gevolg dat in 2009 meer as 'n 100 eerstejaars ingeskryf het en dat hierdie getal na alle verwagting sal bly toeneem.

By Arso en Aros is tot die besef gekom dat baie dinge in ons land dalk nie reg is nie en dat baie dinge verkeerd loop, maar dat die Here talle geleenthede gee. Sy genade is groot en ondeurgrondelik.

### Die pad vorentoe

Intussen lê nog baie werk voor. Soos gestel, sal Arso nog baie boeke moet saamstel en nog baie bemarking moet doen. En Aros het meer fasiliteite en toerusting nodig. Dit alles kos baie geld, wat daar nie is nie. Maar ses jaar gelede toe met hierdie werk begin is, was daar ook nie fondse nie. Tog het die Here op talle maniere steeds genoeg gegee om te kan voortgaan in die wete dat Hy nie die

werk van sy hande sal los nie, ook nie wat hierdie twee organisasies betref nie – mits ons in die geloof, volgens sy wil, met die werk voortgaan.

(’n Katalogus en verdere inligting is op aanvraag beskikbaar:  
E-pos: [rvdkooy@mailbox.co.za](mailto:rvdkooy@mailbox.co.za)  
Tel: (012) 332 3222 of 083 300 3714)

**Rebecca, R. Springer. 2009. Binnekant die mure van die hemel. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy. 133 p. Prys: R89,95. ISBN: 978-1-86829-429-3.**

**Resensent:** S.J. Wessels (Emerituspredikant),  
Ngupasen Beradingsentrum Parys

Hierdie boek is heerlike leesstof vir regterbreiners. ’n Pragtige droom – en ’n droom is presies wat dit is – van die heerlike omstandighede binne die mure van die hemel. Ons mag maar droom.

Volgens Springer is hierdie nie ’n verdigsel nie. “Dit is ’n verhaal wat geskryf is gedurende ’n tyd toe my lewe weens siekte in die weegskaal gehang het tussen tyd en ewigheid.” Sy is oortuig daarvan dat die skaal beslis oorgehel het na die kant van die ewigheid. Springer beleef hoe sy in die hemel aankom. Sy het nou ’n verheerlikte liggaam en die hele verhaal ontgloop rondom haar belewenisse van die hemel. Dit leser moet dit self maar ontdek. Haar swaer, Frank, is haar begeleier en help haar om die heerlikhede van die hemel te ontdek. Die mees betowerende tonele en ervarings word beskryf.

Hierdie boek moet, soos baie ander boeke wat oor die lewe na die dood handel, en wat deesdae so populêr is, teen die agtergrond gelees word dat Gods Woord vir ons sê dat ons nie die hiernamaals kan begryp of verstaan nie. Prediker 3:11b. “Hy het aan die mens ’n visie gegee van die ewigheid. Tog kan mense nie die volle omvang van God se werk van die begin tot die end verstaan nie.” Sodra die menslike verstand dit kan begryp of verstaan, is dit nie meer goddelik nie. Johannes gee in Openbaring ook visioene van die hemel. Die mooiste mooi wat jy ooit kan droom: met strate van goud en nog meer.

Springer sluit hierby aan en dit ontbreek nie aan opgestapelde byvoeglike naamwoorde om die wonderlikhede en bonatuurlike belewenisse te beskryf nie.

Die skryftaal is ietwat verouderd, amper soos die kanseltaal van weleer, maar indien in ag geneem word dat hierdie boek reeds in 1944 op die rakke verskyn het, is dit heeltemal te verstane.

Springer se eerste direkte ontmoeting met Jesus geskied eers diep in die boek. Die Meester begroet haar met die woorde “Ons sal mekaar nog dikwels sien”. Daarteenoor leer die Bybel duidelik dat ons in die hemel onmiddellik in die direkte teenwoordigheid van God drie-enig sal wees. Bybelverse word met insig aangewend en dit ontbreek nie aan diepte nie. Aanhalings van liederes en gedigte van skrywers in die vroeëre jare is pakkend. In hierdie opsig lewer die boek wel ’n positiewe bydrae tot die Christen se geloofslawe.

Myns insiens is dit ’n lekker storieboek, wat veral vir tydverdryf gelees kan word. My bespreking van die boek hierbo laat my egter huiwer om die boek in die hande te plaas van ietwat liggelowige Christene wat ’n naasbestaande onlangs deur die dood verloor het.

## Christian educators: seven years in Africa

Adrian & Wendy Helleman  
St. Augustine University, Mwanza, Malawi

*Adrian and Wendy Helleman brought with them to Africa considerable experience in teaching philosophy, Biblical studies and theology. Both were born in the Netherlands, grew up in Canada, and have worked as academic missionaries since the 1970s. Wendy is a philosopher, who wrote her dissertation on Plotinus, while Adrian is a theologian, who wrote on Calvin. Since 1995, they have represented Christian Studies International, which is the Canadian affiliate of the International Institute for Christian Studies. CSI/IICS sends Christian university professors to lecture in secular universities overseas. They are also "partners" with Christian Reformed World Missions. Since 2009 they are lecturing at St. Augustine University in Tanzania.*

In this short article we would like to share some of our experiences and the perceptions gained from teaching in an African context. Of the 25 years we have been teaching cross-culturally, seven years were spent in Africa, particularly in Nigeria and Tanzania. We have been teaching in the Department of Philosophy at St. Augustine University of Tanzania (SAUT), only since January of 2009. SAUT, the largest private and second largest university of Tanzania, is located in Mwanza, on Lake Victoria. But for six years prior to that we worked in Nigeria, where we taught philosophy and theology in the Department of Religious Studies of the University of Jos (Unijos). This university was established in 1975 as a daughter of the University of Ibadan, mainly to make university education possible in the north-central part of that country. Before that we taught for almost ten years in several Bible colleges and seminaries in the Philippines (1977-1986), and also for seven years in the Faculty of Philosophy at Moscow State University, Moscow, Russia (1995-2002).

### University of Jos (Unijos)

As we reflect on these last seven years in Africa, we realise what a privilege it has been for us. Many of our students at Unijos were taking courses in the master's program, and were breaking away from busy careers in schools, the civil service, or the church to pursue a postgraduate degree. Invariably they were hungry to

learn from us, and we tried to help them develop a Christian perspective in their studies, so that they could apply it in their work.

Teaching undergraduate courses at Unijos was challenging. One of the problems was the motivation of students. Too many enrolled in our department had initially chosen other programs, but for some reason did not qualify, and took a degree in religious studies as second choice. Yet it was a joy to teach students like those of Adrian's fourth-year course in ecclesiology, where he challenged them on crucial issues, such as ecumenism, and the role of women in the church. Similarly, Wendy Helleman's introductory course in early Christianity, which was required of all students, challenged her to explain who Jesus is to Muslims, and doing so without totally boring the Christians in the class. But doctrines such as the deity of Christ and the Trinity, both established in the first centuries of Christianity, were difficult to teach, since Muslims invariably closed their ears at the mentioning of these topics!

Much of our time in Nigeria was spent in guiding students in master's or doctoral theses. Intellectually our students were as good as students we have taught anywhere, but many were inadequately prepared for their courses and for the research that would be required; often they were handicapped by a poor command of English. Library resources,

books and journals were inadequate. To compensate for this, students had to become computer-literate in a hurry in order for them to use the internet resources. Many, however, were incapable of discerning the quality or appropriateness of materials available on websites. Lack of good preparation can be attributed in part to developments in the education system after the introduction of “universal basic education” in Nigeria in the early seventies. Although the plan was well-intentioned, the government neglected to assure adequate funding for buildings, teachers and educational materials.

### Use of English

In the use of English, Nigerians have an advantage over Tanzanians. In Nigeria English is used in the educational system from early grades, while in Tanzania it is not introduced until secondary school and remains a distant second or third language, and most students only have a passive competence in it. We understand their handicap, but we reminded them that they are writing their dissertations for an international community that expects intelligible English. Some voices in the educational community suggest the use of the vernacular, also at the tertiary level. In Nigeria that would not be feasible, however, since there are three major regional languages, and supervisors would be proficient, at most, in only one of them. Moreover, few people outside of Nigeria would be able to benefit from their research.

The quality of writing of our Nigerian students typically leaves much to be desired. One reason for poor writing skills there is a lack of examples of good writing. It boasts authors like Chinua Achebe, who have won international awards for their work in English; but too much writing in books, journals and newspapers is poor in quality. Academic journals accept articles that are not refereed, and editing is done too hastily. In contrast, we have noticed that the level of writing in English in East Africa is noticeably better. Yet even many books used in Tanzania could use a good editor. As for the availability of books, the libraries of many African universities (unlike those of South Africa) are inadequate.

Universities complain of a lack of resources to buy books and journals. But the problem is compounded by a general reluctance to read. Even so, what Nigerians lack in writing skills they compensate for when they stand in front of a class. One of Wendy’s students, whose writing skills were abysmal, when asked to make an oral presentation to the class, did a fine job, thereby reviving our confidence in the Nigerian educational system. Indeed, African cultures are oral, and it shows. People enjoy talking but they read very little, aside from newspapers.

**The availability of books in the libraries of many African universities is inadequate. Universities complain of a lack of resources to buy books and journals.**

### Need for a Christian perspective

Except for our Muslim colleagues, most lecturers at the Unijos were Christians, yet few are familiar with the concept of teaching from a Christian perspective. The textbooks that are available are largely secular in orientation; with the exception of theology, little Christian material is available. We do not doubt the sincere faith of our colleagues, but wonder what they can pass on to their students, particularly if they themselves have not benefited from good examples of Christian teaching. In our courses we tried to teach from a Christian perspective, but because of a lack of available textbooks, we often had to prepare our own manuals. In nearly all our classes we introduced concepts basic to a Biblical worldview, such as creation – fall – redemption. From our experience in Nigeria, it would benefit African faculty immensely if organisations like the International Association for the Promotion of Christian Higher Education (IAPCHE) were to provide seminars and conferences to help them think through the need, methods and advantages of teaching from a Biblical point of view.

**It would benefit African universities immensely if organisations like the International Association of Christian Higher Education (IAPCHE) were to provide seminars and conferences to help people think through the need, methods and advantages of teaching from a Biblical point of view.**

Aside from Catholic universities and seminaries, philosophy is not widely taught in Nigeria or Tanzania. Few universities have departments of philosophy. Where they do, lecturers are inclined to present analytic philosophy, mainly because they themselves were educated in environments where that was the reigning approach. At Unijos, the need to integrate philosophy with religious studies was discussed, and we helped to design a program in philosophy, but to date it has not been implemented. SAUT has a department of philosophy, but at present only two introductory courses are being taught, although the university has submitted a full program to the Tanzanian Universities Council that will add substantially to the teaching in that subject. Philosophy ought to be the basis for university training; this key component in tertiary education must not be neglected.

### **A role for South African Christians**

We know that the situation in South Africa is not perfect, as we discovered from the brief visit we made there in 2007. But many South Africans do benefit from a solid and well-rounded education at the university level; at some institutions many can receive instruction from a Christian perspective. South Africans possess tools that are sorely lacking in much of Africa, where there is a crying need for Christian educators who can teach from a Biblical perspective, and are able to write textbooks in their own field, whether in mathematics, physics, biology, history, sociology, economics, law, or theo-

logy. South Africa is eminently suited to provide them. South Africans, as Africans, can understand Africans better than those, like ourselves, who come from elsewhere.

There are more ways South Africa can help other African countries. As we recommended already when we visited South Africa (May 2007), South Africans can open the doors of their universities to students from the rest of Africa, especially at the postgraduate level. Culturally and financially, they can benefit from experience in South Africa, whether for a degree, or to finish research in the excellent libraries. Several of our Nigerian students have already benefited from this.

**South Africans can open the doors of their universities to students from the rest of Africa, especially at the postgraduate level, whether for a degree, or to finish research in the excellent libraries.**

### **Conclusion**

When President Obama made his first foreign visit as president, he went to Canada; Jesus, on his first foreign visit, went to Egypt. This relatively brief visit to Africa means that this continent is important to God: "Out of Egypt I called my son" (Matt. 2:15). If Africa means so much to him, then believers ought not to neglect it either. We did not, though that was not our own doing: God brought us here. Africa has welcomed us as educators. Now we perceive that the turn has passed on to South Africans, as Africans. We would encourage sending Christian educators as academic missionaries to other African countries. And we urge opening the doors to enable African students from the rest of the continent to complete their degrees in South Africa before returning to their own countries to pass on a Christian education. South Africa can become a model. Africa is important for God; He has prepared you for this task. May you be a blessing to the rest of the continent!

(E-mail: [Adrian.helleman@gmail.com](mailto:Adrian.helleman@gmail.com))



## South Africa, IAPCHE, and academic evangelism: the limits of secularism

Nick Latinga

Executive Director: International Association  
for the Promotion of Christian Higher Education

